

Nuusweek

Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis.



Nommer 90, Jaargang 2

30 Oktober 2026

www.pretoriafm.co.za



NOU BESLUIT JY

Dis koalisies
oral

02

Ouers pleit vir
veilige skool

08

Blitspatrollie se
wiele val af

10

PTA FM kry nuwe
stem op Saterdag

13

THERON'S se MAAND-EINDE WINSKOPE nou beskikbaar vir tuisafleverings!

THERON'S GROOTHANDEL FABRIEKSWINKEL 185 Charlotte Maxeke Straat Pretoria Wes - WhatsApp +27760770437



THERON SE HOUTGEROOKTE
LENDERIBBETJIES

SPEZIALE PRYS: R120.00 per kg
NORMALE PRYS: R140.00 per kg
JY BESPAAR R20.00!



THERON SE KAASGRILLERS

SPEZIALE PRYS: R550.00 per 5 kg
NORMALE PRYS: R638.50 per 5 kg
JY BESPAAR R88.50!



THERON SE WILDSVLEIS-RUSSESE
WORSIES

SPEZIALE PRYS: R210.00 per 3 kg
NORMALE PRYS: R261.50 per 3 kg
JY BESPAAR R51.50!



THERON SE VARKVRYE POLONIE

SPEZIALE PRYS: R99.00 per 3 kg
NORMALE PRYS: R149.50 per 3 kg
JY BESPAAR R50.50!

Koalisies is ons voorland



James Kemp

Meer as 670 politieke partye sal mekaar op 4 November die stryd aansê om vir die 10 526 setels landswyd te wedywer. En die besluit oor wie daardie setels sal opneem, berus by die meer as 29 miljoen geregistreerde kiesers. 754 000 van hierdie kiesers het vanjaar vir die eerste keer geregistreer. En terwyl die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) regmaak om die verkiesingsproses te fasiliteer, word daar bespiegel oor hoe die politieke landskap ná 4 November kan lyk.

Gabriel Makin, 'n navorser verbonde aan die Social Research Foundation (SRF), sê hy sal baie verbaas wees as meer as een metro, buiten Kaapstad, nie deur 'n koalisie regeer word nie. Volgens die SRF se jongste peiling staan die DA se steun tans op 36% en die ANC s'n op 22%. ActionSA, wat al by monde van hulle partyleier, Herman Mashaba, gesê het dat hulle nie met die DA se kandidaat, Helen Zille, sal saamwerk nie, staan op 9%.

Makin sê Zille se kans om sonder die ANC in Johannesburg aan bewind te kom, is skraal, maar dat sy ook besef dat Johannesburg in die toestand is wat hy is omdat die ANC daar aan stuur van sake staan. Die kans dat sy dus mense in posisies sal plaas waar hulle voorheen drooggemaak het, is net so skraal. Volgens Makin is die groot vraag of Zille op stemdag daarin sal slaag om haar kiesers by die stembus te kry en of die ANC se ontnugterde kiesers tuis gaan bly.

Die SRF skat die DA se steun op 32% in die Tshwane-metro en dié van die VF Plus op 7%. Op 'n vraag oor of die twee partye 'n koalisie sal kan vorm sonder die ANC, wat in die laaste peiling op 26% van die steun gestaan het en ActionSA, met hulle 12%, sê Makin dat dié tipe peilings altyd op 'n foutmarge van 3,5% onderneem word. Hy sê die kans is skraal dat die DA en die VF Plus 'n koalisie sonder 'n derde vennoot kan vorm, maar dat die moontlikheid nie heeltemal uitgesluit is nie.

Makin sê verder dat die politiek in Suid-Afrika, en spesifiek in die metro's, tans baie veranderlik is en dat die peiling nie as 'n voldonge feit beskou moet word.

“Daar is 'n moontlikheid dat enigiets nog in die verkiesing kan gebeur.”

Intussen lyk dit of die MK-party dalk die burgemeestersketting in die eThekweni-metro ná die verkiesing kan opneem. Die SRF reken die MK-party kan in dié gebied 43% van die steun op hulle verenig en eNCA-Markdata se peiling dat dié party selfs 48% van die steun kan kry. Die SRF plaas die DA op 28%, die ANC op 13% en die IVP op 7%, terwyl eNCA-Markdata reken die DA kan 25,2% van die steun kry en die ANC 14,5%.

OVK gereed vir spesiale stemme

Marelize Maré

Die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) sê hy is gereed vir die spesiale stemme wat eerskomende Maandag en Dinsdag uitgebring word. Sowat 2,6-miljoen kiesers sal na verwagting gedurende dié twee dae stem. Dit sluit bejaardes, mense met gestremdhede en ander goedgekeurde kiesers in wat nie op verkiesingsdag kan stem nie.

Die OVK se hoof-uitvoerende beampte, Sy Mamabolo, sê meer as ses-honderd-duisend huisbesoeke sal gedurende dié tydperk gedoen word om kiesers in staat te stel om vanuit die gemak van hul huise te stem. Ongeveer 80% van dié besoeke is gebring aan kiesers ouer as 60 jaar. Die res van die kiesers sal op 4 November na hulle onderskeie stembusse kan gaan.



Al meer gemeenskapsbewegings mik stembus toe

Seugnet van Zyl

Al hoe meer gemeenskapsgedrewe organisasies registreer nou dié organisasies as politieke partye in die hoop om setels in hulle dorpe se munisipaliteite in volgende week se plaaslikeregerings-verkiesings te wen.

Cederberg Eerste, Mafube First en die Bela-Bela Alliansie is drie gemeenskaps-organisasies wat op dié roete besluit het. Al drie partye is dit egter eens dat hulle as gemeenskappe saamstaan al het hulle nou die politiek betree. Hulle sê hul gemeenskappe is keelvol vir politiek.

Prof. André Duvenhage, politieke ontleder aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus, verduidelik dat daar 'n herkonfigurasie van die politieke proses is.

“Ons sien geweldig baie kleiner groepe deelneem aan die verkiesing. Daar is 'n versplintering. Jy sien dat kleiner gemeenskapsgroepe na vore tree en begin om te kompeteer en deel te neem. Dis definitief aan die gebeur.”

Duvenhage sê hy is oortuig daarvan dat van die kleiner partye setels gaan wen.

“Ons staan in 'n tyd van verandering. In 'n omgewing van koalisies kan 'n setel hier en 'n stem daar 'n verskil maak, wat soms



Hans Pretorius en Oupa Mokuena, onderskeidelik voorsitter en leier van Mafube First, saam met ondersteuners

'n beduidende impak kan maak op die politieke proses.”

Adriaan Roets, Bela-Bela Alliansie (BBA) se hoof van bemaking en strategie, sê die BBA is nie soseer 'n politieke party nie, maar 'n inwonergerigte munisipale beweging. Die BBA is in September vanjaar gestig.

Volgens Roets beoog die BBA se proporsionele lys van 18 kandidate om in al nege wyke van Bela-Bela mee te ding.

“Bela-Bela Alliansie is 'n gemeenskapsgedrewe beweging wat Bela-Bela

eerste stel. Ons dorp. Ons mense. Ons toekoms. Meer aksie. Minder politiek. Ons munisipaliteit moet soos 'n besigheid funksioneer. Ons kan doen wat nodig is in dié dorp.”

Roets verduidelik die BBA se manifes.

“Elke verkiesing bring nuwe beloftes. Paaie sal herstel word. Water sal verbeter. Elektrisiteit sal betroubaar word. Tog gaan baie munisipaliteite agteruit. Die probleem is nie 'n tekort aan idees nie. Die probleem is professionele munisipale bestuur.”

Hy sê die BBA is gegrond op 'n praktiese munisipale bestuursfilosofie, waar inwoners sal kan sien hoe dié party tot 'n munisipale stelsel verbind is.

“Ons wil vertroue herstel, infrastruktuur herbou en plaaslike regering versterk. Die Grondwet vereis reeds 'n munisipaliteit wat demokratiese en verantwoordbare regering, volhoubare dienste, maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling, 'n veilige en gesonde omgewing en gemeenskapsbetrokkenheid lewer. Daardie pligte het nie nuwe wette nodig nie. Dit het leierskap nodig wat erns daarmee maak.”

Die BBA is bereid om met ander politieke partye kragte saam te snoer, maar wil eers op eie stoom aan die verkiesing deelneem.

Om die Mafube-munisipaliteit, wat dorpe soos Frankfort, Villiers, Tweeling en Cornelia in die Vrystaat insluit, het Oupa Mokuena, 'n gemeenskapsleier, Mafube First as 'n gemeenskapsorganisasie op die been gebring om dié dorpe



Adriaan Roets, Johan van Niekerk en Annelie Botha van die Bela-Bela Alliansie

Na bladsy 4

Al meer gemeenskapsbewegings mik stembus toe (vervolg)

Van bladsy 3

van verdere ondergang te red en die belange van inwoners eerste te stel. Die Mafube-munisipaliteit is in 2022 onder administrasie geplaas. Mokuena sê die naam van dié party sê alles.

“Dis om Mafube eerste te stel. Ons is van die gemeenskap vir die gemeenskap. ’n Stem vir Mafube First is ’n stem vir jouself.”

Mokuena is die leier van Mafube First en Hans Pretorius, ’n boer, is die voorsitter.

“Ons is keelvol vir die regerende party en ons vertrou nie politici nie.”

Volgens hom is hulle party die kleinste van die 17 ander politieke partye wat in die komende verkiesing wyke in die Mafube-munisipaliteit gaan betwis.

Hy is egter vol vertroue dat Mafube First wyke gaan wen.

Dr. Ruben Richards, onderburgemeester van die Cederberg-munisipaliteit, wat dorpe aan die Weskus-distrik insluit soos Clanwilliam, Citrusdal, Lambertsbaai, Wuppertal, Graafwater en Elandsbaai, het in 2021 Cederberg Eerste (CE) op die

been gebring. CE het 70 dae later aan sy eerste plaaslike verkiesing deelgeneem en Richards is as uitvoerende burgemeester ingehuldig.

Richards is in Junie verlede jaar deur Azrial Scheepers van die ANC as burgemeester vervang.

“Uit ons ervaring hoef plaaslike regering nie deur ’n gevestigde party se belange gedomineer te word nie. Inwoners se belange kom eerste en ’n gebroke munisipaliteit kan omgekeer word. ’n Munisipaliteit kan herstel word, maar slegs as inwoners bekwame, geloofwaardige en verantwoordelike leiers kies, leiers wat mense se belange voor politiek stel.”

Hy sê die Cederberg-munisipaliteit is ’n voorbeeld van ’n munisipaliteit wat kan herstel.

“In ’n enkele termyn het die Cederberg-munisipaliteit, wat finansiële verknorsing en wanadministrasie in die gesig gestaar het, ’n skoon oudit gekry. Dienslewering is herstel, kontantreserwes is opgebou, terwyl ’n surplus aangeteken is. Die ommeswaai ná twee dekades van

verwaarloosing, is onmiskenbaar, en die grondslag vir volhoubare herstel en ekonomiese groei is gelê. Dis een ding om iets te sê en iets anders om te doen. Ons is hier om ons mense te red en ons sal alles doen om ons mense te dien.”

Hy vertel trots van Choose CX, wat in CE se voetspore volg en in dié verkiesing vir wyke in Knysna gaan meeding, en Langeberg Eerste, wat inwoners in Montagu, McGregor, Bonnievale, Robertson en Ashton se belange eerste wil stel.



Dr. Ruben Richards, voorsitter van Cederberg Eerste

Artist line-up

27 Nov: Jo Black	11 Dec: Monique West
28 Nov: Hainrich Faber	12 Dec: Ruan Josh
29 Nov: Josua na die Reën	13 Dec: Pieter Marcato
30 Nov: Sean Miles	14 Dec: Dirk vd Westhuizen
1 Dec: Riaan Benade	15 Dec: Steve Hofmeyr
2 Dec: Dodo	16 Dec: Deon Groot
3 Dec: Jak de Priester	17 Dec: Drommedaris
4 Dec: Piesangskille	18 Dec: Tamlyn Wessels
5 Dec: Martin Bester	19 Dec: Appel
6 Dec: Tian Nienaber	20 Dec: Tian Nienaber
7 Dec: Elandré	21 Dec: Lu-Anel
8 Dec: Chris Steyn	22 Dec: Droomsindroom
9 Dec: Nicholis Louw	23 Dec: Joahn Anker & Tian Nienaber
10 Dec: Ruhan du Toit	

Jakaranda Kinderhuis

Liggiefees

2026

AfriForum: Tshwane-metro kan nie water bestuur nie

Redaksie

AfriForum sê die Tshwane-metro het nie die vermoë het om die stad se waternetwerk doeltreffend te bestuur nie, kyk toe hoe miljoene liter drinkwater verlore gaan en nou die verantwoordelikheid vir die voortslepende waterkrisis op Pretorianers wil afskuif. Dié kritiek volg in reaksie op die metro se herhaalde verklarings die afgelope week waarin inwoners gemaan is om waterverbruik te verminder om die ineenstorting van die Klapperkop- en Garsfontein-stelsels te voorkom en bewerings dat die watertekorte spruit uit “uitsonderlike hoë verbruik”. Inwoners in groot dele van die stad het reeds dae lank nie water nie of gaan gebuk onder uitermatige lae waterdruk.

Marais de Vaal, AfriForum se raadgewer vir Omgewingsake, sê die huidige waterkrisis kan grootliks toegeskryf kan word aan die metro se onvermoë en versuim om tydigte instandhouding te doen. Hy meen dat die metro se vermorsing van water die grootste enkele rede vir die tekorte is en dat die herstel van waterlekkasies nie geprioritiseer word nie.

Volgens die jongste beskikbare syfers op die metro se eie dataportaal gaan byna 41% verlore van alle grootmaatwater wat van verskeie bronne in die metro se watervoorsieningstelsel ingevoer word en bereik dit nooit die verbruiker nie. Luidens 'n brief wat AfriForum Vrydag aan die metro gerig het, staan die huidige vlak van waterverliese boonop ver bo die metro se eie gestelde teiken van 15%.

“Byna 41 liter uit elke 100 liter drinkwater wat die metro ontvang, stroom af in die stad se paaie, land in dongas of syfer bloot weg in die grond. Dit kom nooit eens naby die krane van inwoners wat kwansuis water vermors nie,” sê De Vaal.

“Hoewel inwoners ten alle tye water verantwoordelik moet gebruik, lê die probleem vir watertekorte veel eerder by die metro en sal die tekorte voortduur vir so lank as wat instandhouding agterweë gelaat word.”

In sy brief aan die metro dring AfriForum aan op antwoorde rakende die huidige watervoorsienings- en watergehalteprobleme wat in Pretoria en Bronkhorstspuit aangemeld is. AfriForum eis onder meer inligting oor die gefaktureerde waterverbruik in die stad en bewyse dat verbruik wel bo normale verbruik vir dié tyd van die jaar is; 'n vergelykende uiteensetting van die publiek se werklike waterverbruik teenoor fisieke waterverlies; kommersiële waterverlies en onregmatige verbruik; die omvang van waterverlies weens die onlangse lekkasie by die Garsfontein-reservoir; die storting van water uit die Findlay-reservoir na aanleiding van die besoedeling wat hier aangemeld is; en bevindinge van ondersoeke na beide voorvalle en inligting oor of verouderde infrastruktuur of drukbestuur tot die lekkasie en besoedeling bygedra het.

Die metro het tot gister geleentheid gehad om hierop te reageer.



Marais de Vaal

De Vaal sê die metro se beloftes om watertoevoer later vandeeweek (die afgelope week) te herstel gaan nie die werklike probleem regstel nie en dat 'n verbintenis tot die instandhouding van dié waternetwerk wat die metro se nagenoeg 4-miljoen inwoners van water moet voorsien, nou noodsaaklik is.

“Waarskuwings is al vir te lank geïgnoreer en daar kan nie meer bloot 'n pleister op dié probleem geplak word nie. Inwoners benodig betroubare voorsiening van veilige drinkwater, nie nog verskonings of verskuiwing van blaam nie.”

DIE SPLINTER NUWE

TIGGO 8

CHERY CENTURION

PHEV

RY VANDAG DIE TOEKOMS

VANAF: **R689 900**

7-SITPLEK

INPROHIBIEDE

VERHITTE SITPLEKKE

PASSASIERSMASSERING

BESPREEK JOU TOETSRIJ

012 880 7007

Kook jou brein wakker

Hoe die voorbereiding van 'n eenvoudige maaltyd bringesondheid, selfstandigheid en sosiale verbondenheid kan ondersteun

Deur Sonja-Liezel Theron, Theron's Vleisprodukte

Die sagte borrel van koffie, die geur van kos op die stoof en die ritme van skil, sny en roer is meer as gewone kombuistonele. Wanneer ons self kos voorberei, beweeg ons, neem ons besluite en skep ons geleenthede vir sosiale kontak—alles wat gesonde veroudering kan ondersteun.

Demensie, waaronder Alzheimer se siekte, kan ook voor 65 voorkom. Geen enkele leefstylgewoonte kan dit voorkom nie, maar betekenisvolle aktiwiteite soos kook kan mense fisiek, verstandelik en sosiaal betrokke hou.

Wat die navorsing sê

'n Sesjaarstudie uit Japan, wat aan dr. Jane Leverich toegeskryf en deur die dieetkundige Madeline Peck bespreek is, verbind die vermoë om te kook — of om dit aan te leer — met 'n laer risiko om demensie te ontwikkel.

Volgens hierdie studie wat op 5 Junie 2026 gupubliseer is kan selfs een kookgeleentheid per week 'n haalbare begin wees. Mense met min ervaring kan juis baat vind deur met 'n bekende gereg en klein, hanteerbare take te begin.

Waarom kook soveel van die brein vra

'n Maaltyd begin lank voordat die pan warm word: jy kies 'n gereg, onthou wat in die koskas is, stel 'n inkopielys op en beplan die volgorde van take. Daarna volg skil, sny, meng, gaarmaak en skoonmaak.

Dié proses betrek geheue, aandag, besluitneming, koördinasie en beweging. Inkopies voeg stap, gesprek en gemeenskapsdeelname by. Juis die beplanning en voorbereiding van eie maaltye bied waardevolle daaglikse stimulasie.



"Kook oefen die geheue en liggaam — en verbind ons met ander."

Meer as voeding alleen

Die voordeel lê dus nie net in die voorbereiding van 'n maaltyd nie. Kook bied fisieke stimulasie, verstandelike uitdaging en sosiale kontak, en kan doelgerigtheid, kreatiwiteit en selfstandigheid versterk — veral wanneer die maaltyd-vorbereiding met ander gedeel word.

Begin klein en kook saam

By Theron's beklemtoon ons eenvoudige maniere om geld te bespaar: beplan die week se maaltye, koop doelgerig en benut gehalteprodukte wat voorbereiding vergemaklik. Só verminder 'n mens onnodige aankope en bly gebalanseerde etes haalbaar. Kies een eenvoudige gereg per week en verdeel die voorbereiding in veilige, haalbare take. Theron's deel gereeld bekostigbare resepte op sy Facebook-blad, met opsies sonder bygevoegde suiker of met 'n laer vetinhoud, asook reeds gaar produkte vir flinke voorbereiding en bekostigbare maaltye. Maak kook 'n sosiale geleentheid: nooi 'n vriend, familielid of die bure om saam te beplan, inkopies te doen en te kook.



Aanlynbestellings kan ook digitale vaardighede stimuleer wanneer fisieke inkopies nie moontlik is nie. Die doel is nie volmaaktheid nie, maar gereelde deelname. Geen leefstylkeuse kan alle demensierisiko's uitskakel nie, en kook is nie 'n waarborg teen die siekte nie. Tog kan 'n spyskaart, inkopielys en 'n pruttende pot op die stoof; selfstandigheid, beweging, geheue en verbondenheid voed. Jou volgende maaltyd kan dus veel meer doen as om honger te stil.



Kontak Theron's Vleisprodukte

WhatsApp Theron's vir produk-, prys- en

aanlynbestellingsnavrae by **+27 76 077 0437**

Adres: Charlotte Maxekestraat 185, Pretoria-Wes

Telefoon: +27 12 327 2327 of +27 12 327 3938 / 3939 / 3940

Webwerf: **Therosvleisprodukte.co.za**

Ramaphosa weer gevra om plaasaanvalle te prioritiseer

Redaksie

Die VF Plus het opnuut 'n beroep op president Cyril Ramaphosa gedoen om die werklikheid van plaasmoorde te erken en dit te prioritiseer.

Dit volg ná 'n wrede aanval op Donovan Marx op sy plaas tussen Potchefstroom en Ventersdorp.

Volgens die inligting tot Nuusweek se beskikking het die aanvallers die perseel te voet bereik, waar Marx en sy werker reggemaak het om met hulle dagtaak te begin. Die werker is vasgebind, maar Marx is in die rug geskiet en in die huis ingesleep waar hy erg gemartel is. Sy ore is afgesny en hy is met 'n skerp voorwerp in die been gesteek.

Sover bekend het die aanvallers slegs Marx se bakkie gesteel. Hulle is steeds op vrye voet.

Die VF Plus se leier, dr. Corné Mulder, sê plaasaanvalle gaan gewoonlik met erge geweld en marteling gepaard en kan nie as gewone misdaad afgemaak word nie.

“Solank as wat die land se president plaasmoorde ontken en weier om opdrag te gee dat die voorkoming daarvan spesiale aandag geniet, en solank hy weier om aanhitsing tot aanvalle op boere te beëindig, soos die sing van die lied “Kill the Boer”, sal die aanvalle voortduur.”

Die voorspraakgroep Lex Libertas sê dié wrede aanval beklemtoon die behoefte aan sterker optrede teen plaasaanvalle. Die organisasie se uitvoerende direkteur,



Donovan Marx en sy vrou, Louise

dr. Ernst Roets, sê plaasaanvalle word deur die frekwensie en wreedheid daarvan gekenmerk.

Lex Libertas beplan om die tweede fase van sy Witkruis-projek aan te kondig, wat insluit dat drieduisend wit kruise voor die Uniegebou in Pretoria opgerig sal word.

Die hoof van gemeenskapsveiligheid by AfriForum, Jacques Broodryk, sê twee van die vyf vereistes wat die VSA aan

Suid-Afrika stel om verhoudings tussen die twee lande te normaliseer, is dat die lied “Kill the Boer, Kill the Farmer” veroordeel word en plaasaanvalle as 'n prioriteitsmisdaad verklaar moet word, maar dat die regering steeds weier om dit te doen.

“Die regering se voortdurende stilte en ontkenning van die erns van hierdie misdade, tesame met die normalisering van opruiende retoriek soos die “Kill the Boer”-dreunsang, dra by tot 'n klimaat waarin sulke aanvalle voortduur. Dit is onaanvaarbaar.”

Dr. Ernst Roets, sê plaasaanvalle word deur die frekwensie en wreedheid daarvan gekenmerk

EQUITAS GROUP (PTY) Ltd

🌐 equitasgroup.co.za ☎️ 061 437 7770

✉️ info@equitasgroup.co.za 📍 Duvenoy St. Constantia Park, Pretoria, Gauteng, 0181

Sukkel jy met skuld terugbetalings, Kom jy nie uit met jou geld nie. Ons het 'n oplossing vir jou.

FINANSIËLE VERLIGTING

T's & V's Geld

Ouers smeek vir 'n veilige skool

Seugnet van Zyl

Ouers, onderwysers en belanghebbendes van die Hoërskool Breërivier in Worcester het die week 'n dringende versoekskrif om die skool te beveilig aan die onderwysdistrik oorhandig.

Hulle dring in die versoekskrif aan dat 'n geëlektrifiseerde beton-omheining met toegangshekke en kringteleviseiekameras so gou moontlik om die skool opgerig moet word.

Groot gedeeltes van die heining is op verskillende plekke reg rondom die skool gesteel, wat 'n ernstige veiligheidsrisiko's vir leerlinge en personeel veroorsaak. Leerlinge kan gevolglik baie maklik die skoolterrein tydens skoolure verlaat en terselfdertyd kan vandale, kriminele en ongemagtigde persone ook maklik die skoolterrein betree.

Ouers skryf in die versoekskrif aan Gregory Kannemeyer, direkteur van die Kaapse Wynlande-onderwysdistrik van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, dat die gebreekte heining hulle veral bekommer omdat dit 'n negatiewe uitwerking op hulle kinders se akademiese prestasie en vordering kan hê, omdat hulle vryelik die skool kan verlaat.

Nico Hendricks, adjunkhoof van die Hoërskool Breërivier, sê om sake te vererger, is dié skool in 'n benedegeteisterde gebied geleë.

Ouers sê dat bendes ook die skoolterrein as 'n plek van oorlogvoering gebruik.

Volgens die ouers breek daar gereeld gevegte ten aanskoue van hulle kinders en personeel op die skoolterrein uit. Baie keer word die gevegte met vuurwapens en ander wapens uitgevoer, wat die kans vergroot dat leerlinge of personeel in die spervuur kan beland en beseer kan word.

“Wanneer hierdie gevegte uitbreek, veroorsaak dit totale chaos by die skool en gevolglik gaan kosbare onderrigtyd verlore. Dit het 'n massiewe emosionele impak op leerlinge en personeel. Talle leerlinge en personeel is getraumatiseer deur hierdie gevegte en onttrek hulle dan aan die akademie en skoolaktiwiteite, of hulle kan bloot nie meer konsentreer en

hul beste gee nie weens die vrees dat hulle dalk 'n slagoffer van hierdie gevegte kan raak,” lui 'n gedeelte uit die versoekskrif as motivering.

Die gebrek aan 'n heining bekommer die belanghebbendes voorts omdat skooleiendom en infrastruktuur gereeld oor naweke en skoolvakansies gesteel of gevandaliseer word, wat die skool groot finansiële skade berokken. Vrylopende honde, skape en bokke hou ook verdere veiligheids- en gesondheidsgevaar in.

Die stap om 'n versoekskrif aan Kannemeyer te oorhandig, volg nadat bendes op 15 en 20 Oktober op die skoolterrein slaags geraak het.

In die mees onlangse voorval het 'n 16-jarige seun, 'n gr. 9-leerling in dié skool, verlede Donderdag saam met bendelede met wie hy glo bande het, onderwysers en die skoolhoof met die dood gedreig en hulle met klippe bestook. Video's van dié voorval is wyd op sosiale media gedeel.

Volgens Hendricks was die seun sedertdien nog nie weer by die skool nie.

“Hierdie voorvalle is absoluut abnormaal. Ons moet toegangsbeheer terugkry.

Sodra die seun by skool opdaag, sal die prosesse aan die gang gesit word om die seun se gedrag volgens die gedragskode te hanteer.”

Dr. Jaco Deacon, uitvoerende hoof van die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (Fedsas) sê dié seun moet in diep nood verkeer wat veroorsaak het dat hy so ver gegaan het.

“Dis ook hartseer dat 'n skoolgemeenskap deur hierdie trauma moet gaan. Skole staan nie buite gemeenskappe nie. Maatskaplike ewels in gemeenskappe en kwessies wat kinders by die huis beleef, word op een of ander manier by die skool uitgeleef.”

Sy raad is dat 'n gemeenskap as vennote moet saamstaan om kriminele elemente, intimidasie en viktimisasie te bekamp.

Op die foto oorhandig Ignelda February die versoekskrif van ouers, onderwysers en belanghebbendes om die Hoërskool Breërivier te beveilig aan Gregory Kannemeyer, direkteur van die Kaapse Wynlande-onderwysdistrik van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement.



1 DIE 1% KLUB

KYKNET SE SPLINTERNUWE SPELETJIESPROGRAM

Dink jy jy is slimmer as 99% van Suid-Afrika?

Die 1%-klub, met Pierre Breytenbach as aanbieder, soek 100 spelers per episode. Jy hoef niks te swot nie: dit gaan oor logika en gesonde verstand, nie oor feite nie. En daar is tot R100 000 om te wen.

HOE WERK DIT?

Honderd mense begin elke episode saam in die ateljee. Elke vraag is vooraf aan Suid-Afrikaners gevra, en die persentasie wys hoeveel van hulle dit reggekry het. Die eerste vraag kon 90% van die land beantwoord. Daarna word dit stap vir stap moeiliker, tot by die laaste vraag wat net 1% reggekry het.

Antwoord jy verkeerd, is jy uit. Bly jy tot aan die einde in die spel, sluit jy aan by Die 1%-klub en speel jy om jou deel van die prysgeld.

GEEN ALGEMENE KENNIS NODIG NIE

Hierdie is nie jou gewone vasvrawedstryd nie. Jy hoef nie hoofstede, datums of rugbytellings te ken nie. Die vrae is raaisels, patrone en kopkrappers wat enigiemand kan uitwerk, of jy nou 'n student, 'n boer, 'n onderwyser of 'n ouma is. Dis hoekom dit so lekker is om saam te speel, en hoekom die hele gesin tuis sal saamraai.

BRING JOU MENSE SAAM

Skryf alleen in, of daag jou vriende, kollegas, koor, klub of gemeente uit om saam te kom. Elkeen skryf self in, en groepe wat saam inskryf kan op dieselfde dag speel.

- ✓ Geen oudisie en geen inskryffooi nie.
- ✓ Opnames: 31 Oktober tot 17 November 2026 by Urban Brew Studios in Randburg.
- ✓ Die opname neem 'n volle dag, en ons het jou net een dag nodig.
- ✓ Jy moet 18 of ouer wees en vlot Afrikaans praat.
- ✓ Jy reël self jou vervoer na die ateljee.
- ✓ Inskrywings sluit op 31 Oktober.

Die inskrywing neem 'n paar minute: jy vul 'n kort vorm in en laai 'n video van jouself op, sodat die keuringspan jou kan leer ken. Plekke word gevul soos mense inskryf, so moenie wag nie.

SKRYF NOU GRATIS IN

Inskrywings sluit op 31 Oktober 2026

SKRYF IN

Blitspatroolie se wiele val af

Redaksie

140 van die 517 voertuie van die Suid-Afrikaanse Polisie diens se Blitspatroolie-eenheid is tans nie bruikbaar nie. 'n Parlementêre vraag van die DA het aan die lig gebring dat slegs 377 van die voertuie landswyd in gebruik is, wat ernstige vrae laat ontstaan oor die SAPD se vermoë om op noodgevalle en ernstige misdaad te reageer.

Die DA se adjunkwoordvoerder oor polisie, Ian Cameron, sê die syfers dui op 'n verouderde vloot met hoë kilometers. 280 van die voertuie het reeds meer as 200 000 kilometer afgelê. Dit sluit in 166 voertuie wat op tussen 200 000 en 300 000 kilometer staan en 114 wat reeds meer as 300 000 kilometer afgelê het.

56 van Gauteng se 220 voertuie is nie in gebruik nie terwyl 15 van Noordwes se 32 voertuie nie in gebruik is nie. 13 van die 37 voertuie in die Oos-Kaap is buite aksie terwyl 10 van die 32 voertuie in Mpumalanga nie in gebruik is nie.



Cameron sê hierdie tekorte ondermyn 'n spesialisering in die SAPD in 'n tyd waarin gemeenskappe deur geweldsmisdade en bendegegeweld geteister word.

“Die SAPD kan nie bekostig dat soveel voertuie onbeskikbaar is of staatmaak op 'n vloot met sulke hoë kilometerlesings nie.”

Minister sal met Roets oor rasuitsluiting vergader

Redaksie

Die Minister van Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling, Mzwanele Nyhontso, het Lex Libertas se versoek aanvaar om met hom te vergader oor rasse-uitsluiting by die toekenning en verhuring van landbougrond in staatsbesit. Die vergadering sal na verwagting in November plaasvind.

Dit volg nadat die uitvoerende direkteur van Lex Libertas, dr. Ernst Roets, aan die minister geskryf het oor 'n amptelike advertensie van die departement wat rasvereistes vir die huur van staatsgrond stel. Die advertensie vir die huur van staatsplase in onder meer Mpumalanga en die Wes-Kaap noem as eerste geskiktheidsvereiste “Applicants must be Africans, Indians, and Coloureds who are South African citizens”. Roets sê dié advertensie sluit wit aansoekers uit ongeag hul boerdery-ervaring of -vermoë. Dié advertensies val saam met president Cyril Ramaphosa se aankondiging op 12 Oktober dat die regering sowat 2,5 miljoen

hektar staatsgrond aan swart boere beskikbaar stel.

Die organisasie is tans besig om 'n verslag te finaliseer waarin die uitsluiting van wit burgers van geleenthede om landbougrond in staatsbesit te huur, gedokumenteer word. Die verslag ondersoek ook die breër patroon van rasgebaseerde wetgewing, die mislukking van bestaande grondhervormingsbeleid, valse narratiewe oor grondbesit in Suid-Afrika en 'n reeks moontlike oplossings vir die krisis.

Die verslag sal voor die vergadering gepubliseer word.

Roets sê hulle waardeur die minister se bereidwilligheid om met hulle in gesprek te tree.

“Hoewel ons fundamenteel oor grondhervorming verskil, glo ons daar behoort ruimte te wees vir konstruktiewe gesprekke oor die ontwikkeling van suksesvolle boere, die verhoging van landbrouproduksie en die skep van werksgeleenthede. Grondhervorming behoort



Mzwanele Nyhontso

bo alles gemeet te word aan hoeveel suksesvolle boere gevestig is. Ons glo dat samewerking tussen gevestigde en opkomende boere 'n belangrike rol kan speel om dit te verwesenlik.”

Roets sê Lex Libertas se sentrale fokus is die bevordering van 'n werkbare politieke bestel vir die volke van Suid-Afrika.

“Die verslag sal dit duidelik stel dat politieke desentralisasie moontlik die enkele grootste stap is wat gedoen kan word om die grondhervormingskrisis in Suid-Afrika aan te pak.”

KUNGWINI WELFARE ORGANISATION,
GRAHAM RD, PRETORIA EAST

CASHLESS MARKET

Nickel
CHRISTMAS MARKET
Making a difference in lives of people with disabilities

Proud Media Partner

PM Pretoria

25 NOV - 6 DEC '26
DAILY FROM 09:00 - 17:00

f i

Amerikaners ook volgende week stembus toe

Redaksie

Terwyl Suid-Afrikaanse kiesers eers-komende Woensdag hulle kruisies gaan trek, gaan Amerikaanse die dag tevore hulle stemme in die middeltermyn-verkiesings uitbring om te bepaal wie die Senaat en die Huis van Verteenwoordigers vir die volgende twee jaar sal beheer. Beide die liggame staan tans onder beheer van die Republikeine. Al 435 setels in die Huis van Verteenwoordigers, 35 setels in die Senaat en 36 goewerneurskappe is op die spel. Die uitkoms gaan bepaal hoe moeilik of hoe maklik dit vir die Amerikaanse president, Donald Trump, gaan wees om sy beleid in die res van sy verkiesingstermyn deur te voer.

Jaco Kleynhans, die hoof van Internasionale Skakeling by Solidariteit, sê die grootste stryd vir die Republikeine is beheer oor die Senaat.

“Dit lyk of die Republikeine definitief beheer oor die Huis van Verteenwoordigers gaan verloor. Die groot stryd is dus om die Senaat te beheer, en hier gaan dit oor sewe deelstate – Alaska, Texas, Ohio, Kansas, Iowa, Florida en Maine – waar daar tans Republikeinse senatore is, en Georgia en Michigan waar Demokrate dié state tans in die Senaat verteenwoordig. Die meeste geld is tot dusver in hierdie nege deelstate spandeer en hulle kry ook die meeste aandag. Die Demokrate moet ’n netto van vier setels wen om beheer oor die Senaat te neem. Noord-Carolina word nie eers as een van die nege state gelys nie omdat dit lyk na ’n uitgemaakte saak dat die Demokrate



Donald Trump

hierdie setel gaan afneem. Dit beteken hulle kom nog drie kort. Die Demokrate gaan waarskynlik Georgia behou maar Michigan is op ’n mespunt. Indien hulle Michigan verloor, moet hulle vier van die eerste sewe state se verkiesings wen.”

Kleynhans sê die peilings dui tans aan dat die Demokrate ’n kortkop voor is in state soos Alaska, Texas, Ohio en Maine. In Kansas, Florida en Iowa is die Republikeine weer net-net voor.

“Die Republikeine is op die agtervoet in deelstate waar Trump in 2024 groot oorwinnings behaal het. In Texas het die twee kandidate al meer as ’n halfmiljard dollar spandeer, wat dit die duurste senaatsverkiesing nog ooit maak.”

Kleynhans sê dit is uiters onwaarskynlik dat die Republikeine beheer oor die Huis sal behou.

“Hulle kan wel hulle verlies bolwerk. In 2018 het die Republikeine meer as 40 setels in die Huis verloor. Ek dink hulle kan dit vanjaar beperk tot tussen 10 en 20.”

Hy sê verder dat die Demokrate die lewe vir Trump moeilik probeer maak in die laaste deel van sy presidentstermyn.

“Hulle gaan lede van sy administrasie voortdurend dagvaar om voor komitees te verskyn. Ondersoeke gaan gedoen word en daar gaan pogings wees om verskeie persone, insluitende Trump, in ’n staat van beskuldiging (in Engels: impeachment) te plaas. Verder sal hulle enige poging fnuik om wette te skryf, wat Trump se agenda moeiliker sal maak om uit te voer. Die Kongres dra ook die beursie en Demokrate kan geld van die Trump-administrasie weerhou vir belangrike dinge soos die oorlog teen Iran, grensbeheer, die deportasie van onwettige immigrante en ander geprioritiseerde beleid. Indien die Demokrate die Senaat oorneem, sal hulle ook verhoed dat Trump regters, kabinetslede en ander belangrike individue in sy regering aanstel.”

Raw Happy
REFINED FOR RESILIENCE

Power Plus C • Magnesium Glycinate • Magnesium Oil

Aanlyn en by deelnemende apteke
www.rawhap.co.za

Israelse verkiesing: Netanyahu en sy opposisie staan voor moeilike koalisiegesprekke

Marelize Maré

'n Hoë stempersentasie en 'n sterk vertoning deur Arabiese partye het Israel se jongste verkiesing in 'n politieke dooiepunt laat eindig.

Die eerste minister, Benjamin Netanyahu en sy vernaamste teenstander, Gadi Eisenkot, sê albei hulle wil 'n nuwe regering vorm, maar geen van die twee partye het tot dusver genoeg steun om alleen te regeer nie.

Israel se algemene verkiesing op 27 Oktober het egter nie 'n duidelike oorwinnaar opgelewer nie.

Uittree-peilings het aanvanklik getoon dat Netanyahu se regse blok en die opposisieblok elk ongeveer 50 tot 52 setels kan behaal. Minstens 61 van die Knesset se 120 setels is nodig om 'n meerderheidsregering te vorm.

Arabiese partye het ook aansienlike steun gekry. Volgens voorlopige projeksies kan hulle ongeveer 18 tot 19 setels in die Knesset verower, wat hulle 'n moontlik deurslaggewende rol in die regeringsvorming gee.

Die moontlikheid dat Arabiese partye 'n minderheidsregering deur parlementêre steun kan help dra, is egter politiek omstrede en blyk onwaarskynlik. Eisenkot het tydens die veldtog gesê hy sal nie saam met Arabiese wetgewers regeer nie, terwyl

Netanyahu ook die legitiemiteit van 'n regering wat op Arabiese steun staatmaak, bevraagteken het.

Dr Heinrich Matthee, 'n politieke ontleder en direkteur van Stigting Pionier Instituut in Nederland, is van mening dat Benjamin Netanyahu se party die grootste is en dat hy daarop sal aandring om die eerste kans te kry om 'n nuwe koalisieregering te vorm.

Hy sê 'n eenheidsregering met die Eisenkot-blok is ook moontlik, maar meen dat indien Netanyahu dit lei, die Eisenkot-blok se geloofwaardigheid daarmee 'n knak sou kry.



Benjamin Netanyahu



Gadi Eisenkot

Dr Matthee sê Netanyahu kan moontlik een of ander konfliktsituasie aangaan om onder die dekmantel van nasionale veiligheid so 'n eenheidsregering te probeer vorm.

Die komende koalisiegesprekke sal intussen bepaal of Netanyahu 'n breër eenheidsregering kan vorm en of Eisenkot genoeg steun kan werf om 'n alternatiewe regering saam te stel.

Indien geen leier daarin slaag om 'n werkbare regering saam te stel nie, sal Israel dalk weer na die stembus moet gaan. Tot dan bly Netanyahu aan as waarnemende eerste minister.

FRANZ MARX SE AGTER ELKE MAN

AGTER ELKE MAN

DIE MUSIEKBLYSPEL

MET ELANDRÉ AS BRUCE BEVERS EN AMANDA STRYDOM AS ANTIE STENIE

VANAF APRIL TOT JUNIE 2027

WWW.MUSIEKBLYSPEL.CO.ZA

AfriForum InhoudHuis AfriForum TEATER

TORGA OPTICAL

NUWE

STYLE NOU

Volledige rame + lense pakket vanaf slegs **R1499**

BESKIKBAAR

Skandeer die QR kode om jou oogtoets te boek

150 WINKELS LANDWYD

*T&V's geld. Vra asseblief jou oogkundige vir meer inligting

Ruaan Pienaar skuif agter mikrofoon by Pretoria FM in

Redaksie

Ruaan Pienaar, wat onlangs die laat-middagskof by Bosveld Stereo behartig het, sal eersdaags agter die mikrofoon by Pretoria FM inskuif. Pienaar sal weeksoggende tussen 04:00 en 06:00 op die lug wees en ook as 'n permanente reëling die Saterdagoggendskof by Jacques Botes oorneem.

Botes het in April vanjaar 'n beroerte gehad en alhoewel hy baie goed herstel het, is daar deur al die partye besluit dat hy nie regstreekse uitsendings gaan hervat nie. Hy sal wel vanaf volgende jaar 'n weeklikse program oor geestesgesondheid met die naam Kopdokter op Pretoria FM aanbied.

Susan Botha, programkoördineerder by Pretoria FM, sê Botes was 'n geliefde omroeper in sy Saterdagskof.

“So hartseer as wat dit is om te weet Jacques keer nie weer na daardie skof terug nie, is ons bly dat sy tyd by Pretoria FM nog nie verby is nie, en ons glo dat sy nuwe program hom die geleentheid sal gee om twee van sy passies, naamlik uitsaai en geesteswelstand, steeds uit te leef.”



Botha sê verder dat die stasie uitsien na die bydrae wat Pienaar tot die programmaanbod gaan lewer.

“Ons verwelkom Ruaan met groot entoesiasme by hierdie nuwe uitsaai-tydgleuwe. Sy persoonlikheid, energie en uitsaai-ondervinding maak van hom 'n uitstekende toevoeging tot Pretoria FM se span. Ons glo hy gaan 'n besondere bydrae

lewer en 'n sterk band met ons luisteraars bou.”

Volgens Botha sal Pienaar se 16 jaar ervaring en natuurlike manier van kommunikeer hom help om 'n betekenisvolle deel van luisteraars se oggendroetine te word.

“Die vroeë oggendure en Saterdagoggende bied 'n wonderlike geleentheid om met luisteraars in gesprek te tree, hulle in te lig en te vermaak. Ruaan bring die soort persoonlikheid en uitsaai-vermoë wat by ons luisteraars aanklank behoort te vind. Ons is opgewonde oor wat hy na hierdie tydgleuwe gaan bring.”

Botha het ook haar waardering uitgespreek teenoor Martin Jansen, wat tot onlangs die Saterdagoggendskof behartig het.

“Ek wil Martin opreg bedank vir die manier waarop hy gedurende hierdie tydperk ingestaan en die stasie ondersteun het. Ons waardeer sy bydrae en sien uit daarna om hom vanaf Saterdaggaande op die lug te hê, waar sy unieke uitsaai-styl luisteraars op 'n besondere manier gaan vermaak.”

Pretoria FM wil Afrikaanse media met studiefonds verryk

Redaksie

Pretoria FM het die afgelope week 'n studiefonds bekendgestel wat ten doel het om Afrikaanse joernaliste op te lei. Die studiefonds sal aanvanklik studiehulp aan derdejaargestudente aan Akademia bied en ook aan die suksesvolle kandidate die geleentheid gee om praktiese ervaring by Pretoria FM op te doen.

Die stasiebestuurder van Pretoria FM, James Kemp, sê die media speel 'n belangrike rol om die publiek op te hoogte te hou van belangrike nuusgebeure.

“Veral nou, in 'n verkiesingsjaar, sien ons weer hoe belangrik die media is

om politici aanspreeklik te hou vir die verkiesingsbeloftes wat hulle maak en om te verseker dat hulle hul gemeenskappe eerste stel.”

Yolandi Theron, die hoof van die Helpende Hand-studietrust, wat die studiefonds vir Pretoria FM sal bestuur, sê hulle het meer as 2 000 aansoeke vir die 2027-studiejaar ontvang.

“Daar is regtig soveel talentvolle en verdienstelike studente wat graag wil studeer, maar vir wie die finansiële uitdagings 'n struikelblok is. Die studietrust bied juis hierdie skakel tussen die student en die donateur om dan hierdie geleentheid by die student uit te bring.”

Theron sê wat haar opgewonde maak van die Pretoria FM-studiefonds, is die kombinasie van die befondsing en die praktiese ervaring wat dit bied.

“Studente kry die geleentheid om hulle studie by Akademia voort te sit, maar ook daardie waardevolle ervaring op te doen in die veld.”

Persone wat 'n skenking aan die Pretoria FM-studiefonds wil maak en op daardie wys ook wil bydra tot die uitbou van Afrikaanse media, kan 'n e-pos stuur na james@pretoriafm.co.za.

Donateurs sal 'n artikel 18A-sertifikaat vir hulle skenkings ontvang.



VF PLUS

STEM OP 4 NOV VF PLUS!



STEM OP 4 NOV

VF PLUS





VF PLUS

1 UUR SE MOEITE:

**KEER 5 JAAR SE SWAK
DIENSLEWERING.**



VF PLUS

STEM OP 4 NOV

VF PLUS





VF PLUS

MOENIE JOU STEM MORS NIE.

STEM VIR DIT WAARIN JY GLO.



STEM OP 4 NOV

| VF PLUS





VF PLUS

GAAN STEM: JOU TOEKOMS HANG DAARVAN AF!



VF PLUS

STEM OP 4 NOV

VF PLUS





VF PLUS

TYD DAT JOU BELASTINGGELD

VIR JOU WERK



STEM OP 4 NOV

VF PLUS





VF PLUS

GEEN VERHOGINGS

BO INFLASIE NIE



STEM OP 4 NOV

VF PLUS





VF PLUS

TYD VIR 'N NUWE BEDELING

MET GOEIE WAARDES



VF PLUS

STEM OP 4 NOV

| VF PLUS





VF PLUS



VF PLUS

4 NOVEMBER 2026

VF PLUS



www.vfplus.org.za

Bereik G-Force by die Wonderboom-lugskou

Maak gereed, Pretoria! Op Saterdag 31 Oktober neem die G-FORCE-FEES Wonderboom-lughawe oor vir 'n volle dag van asemrowende lugtoertjies, brullende enjins en motorsportaksie wat jy nie wil misloop nie.

Stel jou dit voor: vliegtuie wat met die aanloopbaan afjaag, kop-aan-kop met hoëprestasie-renmotors. Bo in die lug jaag kunsvlieëners om 'n laevlak-piloonbaan en vleg teen volle spoed tussen die merkers deur, met net meters se speling. 'n Vertoonhelikopter maak bollemakiesies en rol deur die lug, terwyl die Jungle X-MotoCross-ryers van hellings afspring en vryslagtoertjies hoog bo die skare uitvoer.

Van Suid-Afrika se beste kunsvlieëners sal die lugruim invaar en met indrukwekkende

lugvertonings hul buitengewone vliegtuie tot die uiterste beproef.

Van blitsvinnige, hoëprestasie-kunsvliegtuie tot pragtig bewaarde historiese vliegtuie en legendariese oorlogsvliegtuie uit die Tweede Wêreldoorlog, is die beste van lugvaart, van die verlede tot die hede, alles in een lugruim te sien.

Verwag brullende enjins, hegte formasies, waaghalsige maneuvres en die onmiskenbare klank van lugvaart-geskiedenis wat bo jou kop weerklink.

Die aksie hou nie in die lug op nie. Daar is net soveel opwinding op die grond.

Kinderskan hul energie op diespringkastele uitwoed en gesinsvriendelike vermaak geniet, terwyl volwassenes die fees-

atmosfeer beleef, 'n koue drankie by die biertent geniet en heeldag na lewendige motorsport- en lugvaartaksie kyk.

Of jy nou 'n lugvaartentoesias, 'n petrolkop of 'n adrenaliënverslaafde is, of bloot op soek is na 'n onvergeetlike gesinsuitstappie, daar sal iets vir jou wees.

Op 31 Oktober lei alle paaie na Wonderboom-lughawe vir 'n fees wat geraas, spoed, opwinding en ononderbroke vermaak belooft.

Bring jou gesin. Bring jou vriende. Bring jou lus vir avontuur.

Koop jou kaartjie hier.



**WONDERBOOM
AIRSHOW 2026**

G-FORCE FEST
Saturday, 31 October 2026

Time: 10:00 to 15:00 (gates open at 08:00)
Venue: Wonderboom National Airport, Tshwane



Scan QR code to book

Book at selected Spar
Payzone kiosks or at
Ticketpro
www.ticketpro.co.za

Ticket prices:

Adults: R180 per person
Pensioners: R140 per person
Kids (2 to 12 years): R100 per person
Kids under 2 years enter free



P^{FM}
Pretoria

25%

afslag

op Nuusweek-regskennisgewings



Om jou regskennisgewings te adverteer,
stuur nou 'n e-pos na

adverteer@pretoriafm.co.za



Jou regskennisgewings word in
Pretoria FM se e-publikasie,
Nuusweek, asook op ons
webblad gepubliseer



Om toegang tot die
regskennisgewings te verkry
besoek

www.nuusweek.co.za

Nuusweek

— Regskennisgewings —

Bepalings en voorwaardes geld.

Lesers se beurt

Hier kry lesers die geleentheid om hulle sê te sê oor van die warmste onderwerpe van die afgelope week.

Lesers het die afgelope week hulle sê gesê oor die Universiteit van Kaapstad wat twee van hulle raadslede, David Ansara en Mark Oppenheimer, wil vervolg oor hulle deelname aan die Witkruisprojek. Hier is wat hulle te sê gehad het:



Geraldine Mitchell

Wie is die "subkomitee van 5 lede" wat aangestel is deur die universiteit? Dis 'n skande dat UK so agterbaks optree!

Pierre Lightfoot

Universiteit Kaapstad is lankal moer toe.

Danie Booyens

Om waarheid te praat oor wat in SA aangaan, word as sonde gesien, terwyl leuens, korrupsie en haat vir die Afrikaner as norm en waarheid gesien word. Die Bybel spreek duidelik oor die swaar tye vir kinders van God.

Suzanne van Niekerk

Waarheid maak seer!



Steven Rossouw

Heksejag? Daar wag 'n groot ontnugtering as hul die regsgeleerdes en dr. Roets wil aanvat.

Pierre de Villiers

Push back-tyd.

Lorraine van der Merwe


Moenie dat julle geboelie word deur mense wat ons universiteite in die eerste plek oorgeneem het en in 'n hool verander het nie. Staan julle man, ons het julle nodig. Dankbaar vir almal wat hulle nie laat rondgooi soos lappoppe nie.

Lauretta van Wyk Serrao

Geen apologie nie. Staan sterk en die waarheid sal seëvier. Hoe durf die universiteit jou private reg en beginsels bevrage teken?!

Ons wil graag van jou hoor.

Stuur gerus jou kommentaar of briewe van nie langer as 200 woorde na nuusweek@pretoriafm.co.za.



Kiesers orals is kwaad



Die wêreld is tans midde-in 'n hiper-verkiesingseisoen. Die afgelope twee weke het kiesers in uiteenlopende samelewings vanaf Slowakye in Sentraal-Europa en Bulgarye en Serwië in Oos-Europa, tot Brits-Colombië in Kanada, Brasilië in Suid-Amerika, en Israel in die Midde-Ooste na die stembus gegaan. Die goue draad wat deur byna al hierdie verkiesings loop, is 'n diepe onvergenoegdheid wat onder kiesers bestaan. Dit lei tot woede oor beleid en teenoor verkose politici, teleurstelling in en vervreemding van politieke stelsels, maar ook rekordhoë deelname deur kiesers en die opkoms van nuwe partye, nuwe bewegings en nuwe leiers en kandidate.

Verlede naweek het die linkse Nuwe Demokratiese Party (NDP) in die Kanadese provinsie Brits-Columbië 'n historiese nederlaag gely toe die Konserwatiewe Party van Kanada vir die eerste keer in meer as 'n eeu 'n volstreekte meerderheid in 'n verkiesing daar behaal het. Die NDP het Brits-Colombië byna 'n dekade lank geregeer en die party se provinsiale leier en premier, David Eby, het onlangs besluit om 'n vroeë verkiesing uit te roep in die diepe oortuiging dat kiesers 'n nog sterker mandaat aan hom sou gee. Die teenoorgestelde het gebeur, en dit weens kommer oor stygende lewenskoste, ekonomiese stagnasie en 'n reuse-begrotingstekort wat die provinsie se finansies toenemend in 'n krisis gedompel het.

Duisende kilometer verder, in die Balkan, het Serwië se president, Aleksandar Vucic, ook verlede naweek 'n bloedneus in die nasionale verkiesing gekry toe sy regse Serwiese Progressiewe Party 'n parlementêre verkiesing teen 'n nuwe party wat sterk gekant is teen korrupsie, verloor het. Kiesers in Serwië is toenemend kwaad oor korrupsie, die swak hantering van die ekonomie en politieke leiers wat slegs na hulself en hul vriende se belange omsien. Deelname aan die Serwiese verkiesing was die hoogste ooit.

Brasilië is een van die mees verdeelde lande ter wêreld en politieke verdeeldheid en woede dreig om dié land in 'n hernude politieke krisis te dompel. Verlede Sondag se verkiesing is gekenmerk deur 'n baie hoë deelnamekoers aangedryf deur 'n groter wordende politieke kloof tussen linkse ondersteuners van president Luiz Inácio Lula da Silva en regse ondersteuners van senator Flávio Bolsonaro. Teen Dinsdag het Bolsonaro na die VSA gevlug uit vrees vir vervolging, terwyl politieke spanning dreig om Brasilië onregeerbaar te maak. Da Silva het Sondag se verkiesing gewen nadat hy staatstoelaes wat aan miljoene mense betaal word kort voor die verkiesing met 15% verhoog het. Brasilië se staatskuld beloop reeds 85% van die BBP en die land het 'n begrotingstekort van byna 10%.

Die verkiesing in Israel is ook deur 'n rekordhoë kiesersopkoms gekenmerk. Ook in dié land is daar 'n breuk tussen kiesers wat Benjamin Netanyahu haat en diegene wat die grond aanbid waarop hy loop. Die uitslag van die verkiesing is nie net politieke verdeeldheid nie, maar ook verskillende magsblokke wat die vorming van 'n regering byna onmoontlik maak. Daar heers steeds (en tereg so) woede in Israel oor die terreuraanval van 7 Oktober 2023 en kiesers wil weet waarom dit nie voorkom is nie en wie die skuld daarvoor moet kry.

Kiesers in Suid-Afrika, maar ook in Nieu-Seeland en reg oor die Verenigde State van Amerika gaan binne dae ook na die stembus gaan. In al drie dié lande heers daar wesenlike kommer oor die toekoms, oor stygende lewenskoste, ekonomiese probleme en veiligheid.

In Suid-Afrika het die ANC meer as 30 jaar lank waar hy ook al op nasionale, provinsiale of plaaslike vlak regeer het korrupsie gepleeg, regeringsinstellings uitgehol, infrastruktuur laat verval en toegelaat dat misdaad toeneem. Alle aanduidings is dat kiesers die party volgende week hard gaan straf by die stembus. Die vraag is egter of kiesers dit gaan doen deur ander partye

te steun of deur bloot groter apatie. Talle kiesers is steeds onseker oor vir wie hulle hul stem wil uitbring omdat soveel van die alternatiewe wat aan kiesers voorgelê word hulle nie juis opgewonde maak nie.

Kiesers in die VSA is woedend oor hoë brandstofpryse, stygende inflasie, die oorlog in Iran en oor dit wat 'n meerderheid van kiesers beskou as die Trump-administrasie se verlies aan fokus op Trump se beloftes van 2024. Indien die Demokrate volgende week se verkiesing wen, sal dit nie wees omdat dié party skielik gewild is nie, maar eerder omdat kiesers kwater is vir die Republikeine as wat hulle vir die Demokrate is. Kiesers beskou die Demokrate steeds as te radikaal en herinneringe aan die onbeheersde onwettige immigrasie, misdaad en selfs nog hoër inflasie tydens die Biden-era is nog vars in die geheue van Amerikaanse kiesers. Die gevoel is egter ook oorweldigend dat Trump nie gedoen het wat hy belowe het hy sou doen nie.

In Nieu-Seeland sal kiesers volgende naweek beslis of die huidige regse koalisieregering nog 'n termyn sal kan regeer. Peilings dui tans op 'n naelbystryd tussen die huidige regeringse koalisie en die Arbeidersparty en sy linkse vennote soos die Groenparty.

Uiteindelik is een van die belangrikste vraagstukke in demokratiese lande vandag: Kan leiers en partye in 'n tyd van uitgerekte verkiesingsveldtogte en korttermynbehoefte van kiesers vinnig genoeg die soort veranderinge bewerkstellig waarop daardie kiesers aandrang? Kan kiesers se woede deur die demokratiese stemproses opgelos word of leef ons bloot in 'n era van groter wordende politieke onvergenoegdheid en uiteindelik 'n onvolhoubare verlies aan vertroue in die politieke stelsels van ons tyd? Demokrasie is die afgelope weke wêreldwyd getoets en die toets sal in die komende dae voortgesit word.**N**

**Kleynhans is hoof van openbare skakeling by Solidariteit.*

Keuses wat saak maak: Bou ons of breek ons?



Deur ons keuses bepaal ons nie net die oes van môre nie, maar ook die erfenis wat ons aan ons kinders nalaat.

Die verkiesingstyd is 'n tyd waarin keuses op die voorgrond tree. Politieke partye maak beloftes, stel planne voor en probeer kiesers oortuig dat hulle die regte pad vorentoe bied. In hierdie bestel kry mense die geleentheid om hul stemme uit te bring en sodoende rigting te gee aan die bestuur van die land. Die kompleksiteit van die Suid-Afrika model en die uiteenlopende kultuurgroeperinge, gegewe ons demografiese samestelling, maak dinge egter baie kompleks. Dieselfde beginsel van besluitneming geld ook binne strukture, verenigings en organisasies, waar daar dikwels op grond van die meerderheid se stem oor die pad vorentoe besluit word.

Dit bring ons by 'n belangrike vraag: Wat bepaal die keuses wat ons maak? Word ons bloot deur omstandighede, die menings van ander of die beloftes van mense beïnvloed, of word ons keuses gerig deur vaste waardes en beginsels?

Vir ons as Christene is die Bybel die fondament en rigsgnoer waarvolgens ons behoort te leef. Dit bied nie noodwendig 'n eenvoudige antwoord op elke praktiese vraag nie, maar gee wel die beginsels waarvolgens ons besluite moet neem. Ons lewens- en wêreldbeskouing, ons waardes en ons verstaan van ons roeping behoort daarom ons keuses te rig. Ons is immers geroep om tot eer van God te leef en ons kultuuropdrag verantwoordelik uit te voer.

Hierdie roeping raak elke terrein van ons lewe, ook die manier waarop ons werk, sake doen, met ander omgaan en ons verantwoordelikhede teenoor die skepping nakom.

Vir ons as boere begin die uiteindelijke opbrengs van 'n oes lank voordat die eerste saad in die grond beland. Aan die begin van elke seisoen word beplan, inligting versamel en vorige jare se resultate ontleed. Grondtoestande, saadkeuses, bemesting, produksiekoste, markvooruitsigte en beskikbare hulpbronne word noukeurig

oorweeg. Die doel is om, met die beste inligting tot ons beskikking, die regte besluite te neem.

Ons weet egter ook dat goeie beplanning nie 'n goeie oes waarborg nie. Faktore soos hitte, droogte, vloede, hael en plaë kan ons beste planne in die wiele ry. Waar moontlik, tref ons voorsorgmaatreëls. Ons pas produksiepraktyke aan, bestuur risiko's en oorweeg versekering om die moontlike gevolge van onvoorsiene gebeure te beperk.

Die boer verstaan dus iets van die verhouding tussen verantwoordelike besluitneming en faktore buite sy beheer. Ons kan nie alles bepaal wat met ons gebeur nie, maar ons kan wel verantwoordelik kies hoe ons voorberei, optree en op uitdagings reageer.

Dieselfde beginsel geld vir ons daaglikse lewe. Ons kan nie die wêreld na ons eie goeddunke verander nie, maar ons het wel 'n verantwoordelikheid om te bepaal watter waardes ons ondersteun, watter standpunte ons inneem en watter gedrag ons deur ons optrede bevorder.

Ons leef in 'n gebroke wêreld waarin uiteenlopende lewens- en wêreldbeskouings en waardestelsels teenoor mekaar staan. Wat vir die een aanvaarbaar is, is vir die ander onaanvaarbaar. In so 'n omgewing is dit maklik om deur die heersende mening oorheers te word of ons beginsels prys te gee ter wille van aanvaarding, voordeel of persoonlike gemak.

Juis daarom is integriteit in ons keuses so belangrik. Integriteit beteken dat ons optrede in ooreenstemming met ons belydenis en waardes moet wees, ook wanneer dit nie die maklikste of gewildste pad is nie. Dit vra dat ons eerlik sal wees oor ons motiewe en bereid sal wees om die gevolge van ons besluite te aanvaar.

As Christene glo ons dat God ons binne 'n bepaalde tyd, plek en gemeenskap geplaas het. Daar het ons 'n roeping om getrou te leef en verantwoordelikheid te dra. As boere het ons boonop 'n besondere verantwoordelikheid as rentmeesters

van die grond, water, diere en ander hulpbronne wat aan ons toevertrou is. Ons is nie die finale eienaars van hierdie gawes nie; ons moet dit met wysheid bestuur en so bewaar dat toekomstige geslagte ook daaruit kan leef.

Ons keuses het gevolge wat veel verder strek as die onmiddellike voordeel wat ons daaruit verkry. Die manier waarop ons grond bewerk, ons ondernemings bestuur en ons kinders opvoed, dra alles by tot die soort toekoms wat ons help vorm. Wat vandag na 'n klein besluit lyk, kan môre 'n groot verskil maak.

Daarom moet ons ons gereeld afvra: Waarop berus my keuses? Is dit bloot eiebelang, groepsdruk of die belofte van korttermynvoordeel? Of word ek gelei deur my geloof, my verantwoordelikheid en die wete dat my optrede deel vorm van 'n groter geheel?

Jakobus 1:5 herinner ons daaraan dat ons God om wysheid kan vra wanneer ons dit nodig het. Hierdie wysheid vrywaar ons nie van die verantwoordelikheid om deeglik te dink, inligting in te win en die moontlike gevolge van ons besluite in ag te neem nie. Dit help ons juis om dit met nederigheid en onderskeidingsvermoë te doen.

In hierdie verkiesingstyd, maar ook lank nadat die stembriewe getel is, bly die vraag dus relevant: Wat rig ons keuses? Ons kan nie elke omstandigheid beheer of elke uitkoms voorspel nie. Ons kan egter kies om beginselvas, verantwoordelik en met integriteit op te tree.

Uiteindelik word 'n oes nie net aan die hoeveelheid graan in die silo gemeet nie, maar ook aan die waarde van die nalatenskap wat ons agterlaat.

Ons moet dus, as ons vandag 'n keuse maak, vra: Bou ek of breek ek? Saai ek vir die oomblik, of saai ek met die oog op die toekoms? En weerspieël my keuse die roeping waartoe God my geroep het?

Want die keuses wat ons vandag maak, vorm die wêreld waarin ons kinders môre sal leef.

**van Zyl is die hoofbestuurder van TLU SA*

Die regte tyd om oor jou beleggingsbehoefte te dink, is **VOORDAT JY BELÊ**

Groot finansiële besluite beïnvloed meer as net jou geld. Dit vorm jou toekoms, jou gesin en jou vryheid.

-  **VOORDAT - JY BELÊ**
Verstaan jou beleggingsopsies en gepaardgaande risiko's.
-  **VOORDAT - JY KOOP**
Verstaan die werklike impak op jou kontantvloeï en langtermyn doelwitte.
-  **VOORDAT - JY JOU VERBIND**
Beskerm wat jy opgebou het en beplan met vertroue.
-  **VOORDAT - JY AFTREE**
Beplan vooruit vir die lewe wat jy ná aftrede wil lei.

By Everest Wealth help ons suksesvolle individue, gesinne en besighede om beter finansiële besluite oor hul beleggings en finansies te neem, voordat die besluit 'n gevolg word.

Een van ons **OPLOSSINGS**

Onyx Growth

'n Oplossing vir kliënte wat op kapitaalgroei oor 'n termyn van vyf jaar fokus, maar vir 'n termyn van vyf jaar geen toegang tot hul kapitaal of opbrengste benodig nie.

- Geteikende bruto jaarlikse opbrengs van 14,50%*
- Minimum beleggingsbedrag: R100 000
- Dividende word op vervaldatum uitbetaal.
- Bepalings en voorwaardes geld.

everestwealth.co.za

+27 87 654 8705 | info@everestwealth.co.za
Everest Wealth Management (Pty) Ltd registration number 2002/004025/07, an Authorised Financial Services Provider FSP 795 CAT I, II & IIA and a registered credit provider NCRCP 21504



14.5%*
TEIKEN
JAARLIKSE OPBRENGS

*Vorige prestasie weerspieël dubbelsyferopbrengste. Vorige prestasie is nie 'n betroubare aanduiding van toekomstige prestasie nie. Teikenopbrengs – nie gewaarborg nie. Kapitaal is aan beleggingsrisiko onderhewig.



Die ou grote: president Paul Kruger



PRETORIA
HISTORIA
Riana Mulder

Plat op die aarde, wys ver bo sy jare en getrou aan sy God, volk en land. Dit was Paul Kruger, een van Pretoria se grootstes. Vier termynne as president het van hom volksbesit gemaak, en dit is die staaltjies oor sy menslikheid, en kwinkslae, wat nou nog onthou en oorvertel word.

Een van die bekendste tonele in ou Pretoria was die president wat vroeg-vroeg smorens sy oggendkoffie geniet het op sy huis se stoep. Die wagte voor die huis, lede van die Staatsartillerie, het hy by die naam geken, en een het vertel dat die president eendag vir Alfons Skinner gevra het: "Fonsie, wil jy nie ook koffie hê nie?" Die wag, wat besig was om heen en weer voor die huis te patrolleer, het geantwoord: "Nee, netnou sê President ek het my pos verlaat, en dan is dit waar!"

Daar op die stoep kon enigiemand kom saam koffie drink en is baie landsake sommer so informeel uitgepluis voordat hy, stiptelik om tienuur soggens, sy dagtaak op kantoor gaan aanpak het. Volgens oorlewering was dit ook waar hy dikwels ander volksraadslede beïnvloed het om hom later die dag, tydens formele Volksraadsittings, te ondersteun.

Op sy verjaarsdag het die kinders van die Staatsgimnasium hom gewoonlik kom gelukwens, en vir die hele dag was die stoep en die presidentshuis vol mense. Hy het 'n sagte plekkie vir kinders en hulle opvoeding gehad, en het persoonlik gesorg dat bandiete gereeld die skoolterrein gaan skoonmaak.

As persoon was hy gewoonlik maar vroom en ernstig, met 'n diep stem, maar hy kon onverwags met 'n kwinkslag vorendag kom wat mense verras het. Blykbaar kon hy ook baie mooi sing.

Mense het dikwels vir hom raad kom vra, en dan het hy dit gegee met groot wysheid. Daar is 'n storie dat twee broers vir hom kom vra het om hulle te help, want hulle kon nie ooreenkom oor die wyse waarop hulle hul erfplaas moes verdeel nie. Hy het hulle rustig bekyk, en toe gevra: "Nou wie van julle is die oudste?" Een het geantwoord, en die president sê: "Dan kies jy hoe die plaas verdeel word. En jy," en hy

beduie na die jongste broer, "jy kies watter deel jy wil hê!"

In Januarie 1897 is die eerste motor in Suid-Afrika in Pretoria bekendgestel, en met trots aan die president gedemonstreer. Hy het die spektakel gestaan en bekyk, en toe die eienaar, John Hess, aanbied om hom vir 'n toetsrit te neem, het hy geweier en blykbaar gesê: "Nee dankie, netnou blaf 'n hond en dan skrik die ding en gooi my af!"

Die president is wel gereeld gesien in sy spoggerige staatskoets, wat nou nog by die Krugerhuismuseum bewaar word. Voor 1898 het hy 'n Landau en 'n Victoria besit, waarmee hy in en om Pretoria gereis het. By die geleentheid van sy vierde inswering as president in Mei 1898 het hy vir die eerste keer die koets gebruik. Die rytuig is deur 'n firma in Londen gemaak en as 'n geskenk vir hom aangebied, maar hy wou dit nie aanvaar nie en het dit eerder met sy eie geld gekoop. Dit was dus sy privaat eiendom.

'n Interessante feit is dat mev. Kruger nooit saam met hom in die koets wou klim nie, hy het dus altyd alleen gereis. Daar was 'n swart pelskaros binne-in, wat hy op koue dae oor sy bene kon gooi. Behalwe die koetsier, het 'n lakei agter op die bak saamgery sodat hy vir die president die deur kon oopmaak. Die koets was ook gewoonlik vergesel deur ses ruiters, lede van die Rijdende Politie.

Die lede van Pretoria se Rose Show Society moes dit in 1897 ontgeld toe

Uittreksel met aanpassings uit Deur dik en dun – lekker kos en stories uit ou Pretoria deur Riana Mulder

hulle die president genooi het om hulle jaarlikse Rooskou te open. As gevolg van 'n misverstand het die deputasie wat hom by sy huis moes gaan haal, hom 'n kwartier te vroeg by die skou aangebring. Die orkes was dus nog nie gereed om die volkslied te speel nie, nie al die komiteelede was al daar om hom te ontvang nie, en alles was in wanorde. Die president het eenvoudig omgedraai en huis toe gegaan, en geen gesoebat of verskonings kon hom sover kry om die skou weer by te woon nie!

In Vivien Allen se boek, Kruger's Pretoria, is daar 'n lekker skinderstorie waarvan die feite nie noodwendig gewaarborg kan word nie, maar dis hopeloos te sappig om nie oor te vertel nie! Vivien is 'n nasaat van George Jesse Heys, die eienaar van Melrose Huis, en sy vertel dat die jongste Heysdogter, Jessie, as klein dogtertjie afgevaardig is om tydens die aankoms van lord en lady Loch uit Kaapstad, 'n ruiker blomme aan lady Loch te oorhandig.

Dit was 'n groot okkasie, almal was uitgedos in hulle deftigste gewade, maar tannie Gezina Kruger het opgedaag met haar voorskoot aan, waarvan die sakke volgeprop was met noodhulpgoed (want sy het blykbaar 'n voorgevoel gehad dat iets gaan skeefloop). Sy was inderdaad ook nie verkeerd nie!

Na bladsy 29



'n Statige en geliefde egpaar: Paul en Gezina Kruger, kort voor die Oorlog.

[Foto: Barnett-versameling, Vol. 2]

Pretoria Historia | Die ou grote: president Paul Kruger (vervolg)



Pres. Kruger op die stoep, met 'n wag voor die heining. [Foto: Barnett-versameling, Vol. 2]

Van bladsy 28

Tydens die seremonie, waarvoor daar 'n tydelike verhoog by die stasie opgerig is, het die hele ding inmekaar getuimel net nadat klein Jessie haar blomme oorhandig het. Volgens een weergawe van die insident is niemand ernstig beseer nie, maar 'n ander beweer dat lady Loch amper haar lewe verloor het, en dat die kwaai Hendrina Joubert, vrou van genl. Piet Joubert, blykbaar beseer is toe sy onder die "bulky form of the President" beland het! (Dit was blykbaar waar sy haar hewige weersin in die president ontwikkel het...)

Die Kruger-egpaar het saam 16 kinders gehad, waarvan 'n paar kleintyd al oorlede is. Hulle was egter 'n hegte gesin, en veral sy kleinkinders was na aan die president se hart. Daar is verskeie van hulle se herinneringe opgeteken deur die jare.

Hulle jongste dogter, Elsie Francina, was getroud met Frederik Eloff en hulle het vir 'n ruk in die huis langs die presidentswoning gewoon, maar later hulle eie plasie gekoop teen die agterkant van die rantjie waar die dieretuin later aangelê is. Die mooi woning wat hulle daar gebou het, het hulle Villa Francina gedoop.

Wanneer Oupa en Ouma Kruger kom kuier het, was die drie jongste Eloff-seuntjies "op wag" op die huis se een balkon, waar 'n vlagpaal was, en het dan sodra die president se Landau by die hek inry, die Vierkleur gehys, want hulle ouers het hulle van kleins af geleer dat "die president ons volk dien", en "as sodanig moet julle aan hom eer bewys".

Die Eloff-gesin was altyd baie bewus daarvan dat hulle die presidentspaar so ver as moontlik in hulle persoonlike lewens moes bystaan, en met die uitbreek van die

Oorlog het hulle die plasie verlaat en weer in die huis langs die presidentswoning ingetrek. Nadat die president in ballingskap uit die land vertrek het, was hulle byderhand om na Ouma Kruger, wat toe reeds baie siek was, om te sien.

Ná haar dood het die Britte die Eloffgesin voor die keuse gestel om óf konsentrasiekamp toe te gaan, óf op hulle eie onkoste oorsee by die president te gaan aansluit. Hulle het verkies om Nederland toe te trek, en was vir die res van sy lewe (hy is in 1904 oorlede) na aan hom om hom by te staan. **N**

*Mulder is die redakteur van Pretoria Historia wat gelees kan word by www.pretoriahistoria.com



HART MARK
kom besoek ons nuwe winkel by
CHAMELEON VILLAGE

CHAMELEON VILLAGE

BESTE GESKENKE, 100% SUID-AFRIKAANS
DAAGLIKS OOP VAN 8:00-17:00
GESINS VRIENDELIK
364 DAE OOP PER JAAR
HARTEBESPOORT, NOORDWES

...WAAR KWALITEIT, VAKMANSKAP EN PLAASLIKE TROTS ONDER EEN DAK BYMEKAAR KOM...



HART MARK
THE BARN



EPG
GAS DISTRIBUTORS

Vir u gratis aflewering
skakel: 012 324 3294



LPG GAS

Veilig
Wettig
Doeltreffend

Gas
Installasie
en COC
sertifikate

WWW.EPGGAS.CO.ZA



Die Boekeblad

met
Graffiti Boeke

Nuut op die rak



Swerwerskraal
– Keina Swart

R340, Tafelberg

Alida Mees is die jongste dogter uit 'n welvarende skeepsboufamilie in die Nederlandse hawestad Rotterdam. "Alida is 'n voorbeeldige, soet kindjie," spog haar ma gereeld. "Hoe ironies, hoe hartverskeurend ironies dat Moeder só oor my gedink het," sou sy jare later besef.

Wanneer 'n tragedie die oudste sussie, Ita, tref, verruil sy haar lewe as teaterkunstenaar in Haarlem vir dié van boervrou in Suid-Afrika. Die plaas Swerwerskraal in die Potgietersrust-distrik is skaapwêreld. Beeswêreld. Tabakwêreld. Harde wêreld. Alida, ook bekend as Kein, bekwaam haar as botanis en rits die wêreld vol op haar pa se bote. En ook na Afrika. Na Swerwerskraal.

Dit is die verhaal van Ita en Kein – die oudste en die jongste van die vyf Mees-dogters – en hul liefdesverhouding met Afrika. Maar liefde het soms ook 'n keersy, een wat groot hartseer en verwydering kan bring ... Swerwerskraal is 'n ware verhaal. Een wat 'n mens soms aan die keel beetkry en jou hart wil uitruk.

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

Ék is sý
– Natalie Hayes

R260, Naledi

Ék is sý is meer as net 'n memoir. Dit is 'n verhaal wat vir mense wys hoe genade lyk.

Op 17-jarige ouderdom het plasings, wat Natalie as vermis aangekondig het, op sosiale media mense se harte aangeraak – vandag is haar verhaal van verkragting, trauma, verwerping, verlies en moeilike lewensomstandighede 'n beeld van genade.

Dit is nie net 'n verhaal van iemand wat God ontdek nie, maar 'n verhaal wat erken dat daar selfs in oorwinning steeds moeilike oomblikke is, want die liggaam onthou trauma. Met eerlikheid, emosie en hoop neem Natalie die leser op 'n reis deur die donkerste seisoene van haar lewe, van die trauma rondom haar oupa, tot die skoolmeisie wat vermis was en die mans wat later haar soeke na aanvaarding misbruik het.

Sy praat nie net oor haar aborsies, los verhoudings en siekte nie, maar ook van genade, herstel en hoop. Veral hoop in die storms van haar lewe. Dit skree nie uit: "Ek het oorwin en nou is alles oukei nie." Dit sê: "Ek het oorwin, al is alles nie altyd oukei nie." Die boodskap is: Dit is aanvaarbaar om vandag gebroke voor God en mense te staan.

Bestel dit aanlyn by www.graffitibooks.co.za

My eerste klanke: Die see
– North Parade Publishing

R285, Human & Rousseau

Ontdek die see met regte dieregeluide!

Bring die see huis toe met vyf pragtige geluide wat die klanke van die see vasvang. Van walvisse wat sing en pikkewyne wat plons, tot seemeene wat raas – jong verkenner sal keer op keer na hierdie boek terugkeer.

Met foto's en fassinerende feite oor seeskilpaaie, jellievisse, seekatte en meer, moedig hierdie boek beide visuele en auditiewe leer aan. Dis perfek om kinders se woordeskat uit te brei en 'n egte liefde vir die see te bevorder.

Bestel dit aanlyn by www.graffitibooks.co.za

My eerste klanke: Diere
– North Parade Publishing

R265, Human & Rousseau

Ontdek die diereyk met regte dieregeluide!

Vyf pragtige geluide vang die diversiteit van die wêreld se diere vas. Van olifante wat trompetter en leeu wat brul tot papegaai wat raas – jong verkenner sal keer op keer na hierdie boek terugkeer.

Met foto's en eenvoudige feite oor apies, verkleurmannetjies, luidiere en meer, moedig hierdie boek visuele en auditiewe leer aan. Dis perfek om kinders se woordeskat uit te brei en 'n egte liefde vir die natuur te bevorder.

Bestel dit aanlyn by www.graffitibooks.co.za

TOPVERKOPERS



Hier is die week se topverkopers:

- 10 **Beneweling van bloed**
– Pieter Stoffberg
- 9 **Ingekluis**
– Tertius Janse van Rensburg
- 8 **Vlam van die sprokkelhout**
– SD Fourie
- 7 **Twee halwes maak 'n hele**
– Marita van der Vyver
- 6 **Dierieriem**
– Etienne van Heerden
- 5 **Anderkant die water**
– Ronel du Plessis
- 4 **Sterre is vir altyd**
– Sophia Kapp
- 3 **Swerwerskraal**
– Keina Swart
- 2 **Op Lig**
– Thilde Nel
- 1 **Goedheid en guns**
– Sophia Kapp

**Wen 'n
R300-
Graffiti-
geskenkbewys**

**3 Lesers kan elkeen 'n
R300-Graffiti-geskenk-
bewys wen.**

Al wat jy hoef te doen om vir die prys in aanmerking te kom, is om die volgende vraag te beantwoord:

Wie het Swerwerskraal geskryf?

Whatsapp jou antwoord saam met jou naam en **vollidige** adres na **072 386 5997**.

Inskrywings sluit Maandag

02 November 2026.

Die wenner sal lukraak gekies word en in volgende week se Nuusweek aangekondig word.

Die pryswenner se boeke sal deur Graffiti versend word en alle navrae moet direk aan Graffiti gerig word by info@graffitibooks.co.za

**Wenners van 23 Okt 2026
se boekekompetisie is:**

**Jenny Cawood – Boksburg
Karin Swanepoel – Randburg
Fiena Lieuwes – Brakpan**

**Al hierdie boeke sowel as ander nuwe
vrystellings en topverkopers is nou
beskikbaar by**

www.graffitiboeke.co.za

teen 10% afslag.



Wat 'n lang lewe nie kan doen nie



Mense in ons tyd is obsessief oor langer lewe. Ons tel ons treë, dra horlosies wat sê wanneer om op te staan en water te drink. Ons tel kalorieë, probeer verskillende diëte. “Leef só, dan koop jy tyd,” word gesê. Dan lees ons Genesis 5:27: “So was dan al die dae van Metusalag negehonderd-nege-en-sestig jaar, en hy het gesterwe.” 969 jaar! Dis die langste lewe van alle mense in die geskiedenis. Tog staan dieselfde vyf woorde aan die einde van sy lewe as by elke mens: “...en hy het gesterwe”. Die dood maak alle mense gelyk. Ryk of arm, wys of dwaas, 69 of 969 – 'n lang lewe is 'n

genade, maar ons kan nie die uiteinde keer nie. Al ons prestasies skuif dit nie. Daarom is elke jaar van ons lewens 'n uitnodiging om te onthou dat ons op pad is na 'n ander huis.

Genesis 5 wys die lewe van twee soorte mense. Die meerderheid leef ver van God af. Maar daar is 'n minderheid: Set en Henog wat met God gewandel het, en Noag wat genade gevind het in God se oë sodat sy huisgesin gered word uit die groot vloed. Die wêreld nooi ons konsekwent om saam met die skare te loop, want daar word geglo die meerderheid is reg. Maar

saam met God is ons 'n meerderheid, al staan ons alleen.

Toe Metusalag sterf, het die vloed gekom wat Noag se redding was. Toe Christus sterf, het die deur van genade oopgegaan, wat ons redding is. Nou tel ons ouderdom of status nie, maar of ons in Hom glo. Daarom sê Jesus in Johannes 11:25: “Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe.” Ons kan nie ons sterfdag bepaal nie. Maar ons kan weet dat ons verhaal nie eindig met: “en hy het gesterwe” nie, maar deur Christus, “en hy sal lewe.” **N**



#vrydagfeite

Afrikaans is 'n jong taal met 'n ryk en uiteenlopende geskiedenis.

Dié mooi taal het nie uit net een bron ontwikkel nie, maar het oor eeue heen ontwikkel uit die kontak tussen verskillende gemeenskappe aan die Kaap.

Die taal is vandag een van Suid-Afrika se grootste tale en word ook buite die land bestudeer.

Het jy geweet?

Afrikaans is een van die jongste amptelik erkende Germaanse tale.

Dit is die enigste Germaanse taal wat in Arabiese skrif getranskribeer is.

Nederlands vorm die grootste deel van Afrikaans se woordeskat.

Die eerste Afrikaanse woordelys, Proeve van Kaapsch taaleigen, is reeds in 1844 gepubliseer.

Afrikaans word ook aan universiteite in onder meer die Verenigde State, België, Nederland, Pole en Rusland aangebied.

Miljoene mense wêreldwyd kan Afrikaans verstaan, en die taal het 'n beduidende teenwoordigheid in Namibië.

Volgens 'n artikel van Afrikaans.com was

Nederlands die belangrikste grondslag, maar Maleise, Khoi-Khoi, Portugeuse en ander Europese invloede het ook 'n merkbare rol gespeel.

Die aankoms van die VOC in 1652 het dié proses verder versnel.

Woorde soos piesang en baadjie word met Maleise invloed verbind, terwyl gogga aan Khoi-Khoi-invloed toegeskryf word.

Ander voorbeelde sluit in blatjang, bobotie, sosatie, koejawel, boegoe, abba, kamma, aitsa en eina.

Afrikaans se jong ouderdom, unieke ontwikkeling en verskeidenheid van invloed maak dit een van die interessantste tale in die wêreld. **N**



VANDAG IN DIE VERLEDE

Albe Grobbelaar

Die Slag van Nicholson's Nek tydens die Anglo-Boereoorlog het op 30 Oktober 1899 naby Ladysmith plaasgevind. 'n Boeremag onder die leiding van genl. Christiaan de Wet het 'n Britse mag van 1,000 soldate onder beheer van lt.kol. F.R.C. Carleton verslaan. Die geveg staan ook bekend as die Slag van Klein-Majuba.


Op 30 Oktober 1974, vandag 52 jaar gelede tydens die sg. Rumble in the Jungle-boksgeveg in Zaïre het Muhammad Ali vir George Foreman uitgeslaan. Dit was hier waar Ali die term “Rope-a-dope” gebruik het. Dit is die strategie om teen die toue

aan te leun en jou opponent moeg te maak deur sy houe te absorbeer. En dan, as hy moeg is, slaan jy hom disnis.

Suid-Afrika se 9de Springbokkaptein én ook ons 16de Springbokkaptein is albei op vandag se datum, 30 Oktober, gebore: Paul Roos in 1878 en Phil Mostert in 1898. En net vir as jy gewonder het: Siya Kolisi is ons

61ste Bokkaptein.

Dit is ook Nick Mallett, wat nie net vir die Springbokke gespeel het nie, maar ook afrigter was, se geboortedagherdenking. Nick vier vandag sy 70ste verjaarsdag. Hy en die bekroonde aktrise, Brümilda van Rensburg, is 'n toevallige tweeling. Brümilda word ook vandag 70. **N**



Paul Roos




Nick Mallett



Brümilda van Rensburg

The Foschini Group (JSE – TFG)

Die daaglikse lyngrafiek het betrekking.



Agtergrond

Foschini is 'n vooraanstaande plaaslike kleinhandelaar maar doen ook internasionaal sake. Hou in gedagte dat hulle tans ernstig koste besnoei om winkels wat nie na wense presteer nie, te sluit.

Kernbevinding

Die MACD-indikator sal eers bo die nullyn opwaartse momentum bevestig.

Let daarop dat die 50-dag- bewegende gemiddeld en lyn A basies op dieselfde plek is. Dit bevestig die belangrikheid van die plek op die grafiek.

Die sprong in volume is opvallend – die kopers van die aandele sal gelukkig wees bo R51,06.

Die dalendekanaalformasie (moontlik positief) is ook opvallend.

Bo lyn A (R50,43) kan die formasie na bo in werking kom, en indien momentum na bo aan die gang kom, kan die aandeel dalk mettertyd na R57,71 beweeg.

Onder R48,54 kan die aandeel laer daal, die positieweit van die tafel vee, en moontlike teikens na onder is: R48,37; R48,10; R47,83; R47,37; R47,17; R47,00 en R46,92.

Ignoreer dus die aandeel onder R48,54.

Vir spekulate

Koop of gaan lank bo lyn A (R50,43), slegs indien u glo dat bogenoemde tegniese

beskrywing presies soos bespreek en uitgewys op die grafiek sal uitwerk, maar gebruik R49,50 as keerverlies om kapitaal te beskerm. Die moontlike teikens na bo is: R50,94; R51,13; R51,76; R52,10; R52,67; R53,00; R53,44; R53,89; R54,12; R54,82; R55,00; R55,37; R55,67; R56,12; R56,77; R57,34; R57,80; R58,32; R58,67; R59,43; R60,00; R60,45; R60,83; R61,00; R61,49; R61,89; R62,20; R62,53; R62,90; R63,33; R63,66; R64,32; R64,88; R65,30; R65,87; R66,34; R66,80; R67,20; R67,86; R68,40; R68,89; R69,01; R69,33; R69,77; R70,43; R71,08; R71,78 en R72,70.

Vir medium- tot langtermynbeleggers

Doen dieselfde as die spekulante, maar gebruik dieselfde keerverlies as deurgegee aan spekulante. Die 50-dag- bewegende gemiddeld (rooi lyn – R50,94) is 'n goeie sentimentsbarometer vir beleggers – onder die gemiddeld is beleggers sku vir die aandeel, maar bo die gemiddeld is hulle positief.

Belangrike vlakke om dop te hou:

Indien die instrument kopers lok bo lyn A, kan die instrument dalk beweeg na: R50,94; R51,13; R51,76; R52,10; R52,67; R53,00; R53,44; R53,89; R54,12; R54,82; R55,00; R55,37; R55,67; R56,12; R56,77; R57,34; R57,80; R58,32; R58,67; R59,43; R60,00; R60,45; R60,83; R61,00; R61,49; R61,89; R62,20; R62,53; R62,90; R63,33; R63,66; R64,32; R64,88; R65,30; R65,87; R66,34; R66,80; R67,20; R67,86; R68,40;

R68,89; R69,01; R69,33; R69,77; R70,43; R71,08; R71,78 en R72,70.

Opsomming

Koop of gaan lank bo R50,43, maar gebruik R49,50 as keerverlies om kapitaal te beskerm.

Gevolgtrekking

Optimisme is aan die opbou, maar nog nie bevestig nie, maar bo lyn A kan ons nuwe momentum na bo verwag.

Vrywaring

Opinies rondom markte loop met bepaalde markrisiko's. Raadpleeg u beleggingsadviseur voordat u beleggingsbesluite neem. Hierdie tegniese opinie is die tegniese ontleder se eie opinie en moet geensins geag word as finansiële advies nie.

Nuusweek en Pretoria FM aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige uitkoms wat voortspruit uit hierdie inligting nie.

Frans de Klerk

Onafhanklike tegniese ontleder verbonde aan fransdeklark.com
Tel: 082 900 9996



Bekom vandag nog jou droompos op www.solidariteit.co.za. Met meer as 700 poste beskikbaar per dag, is hierdie jou eenstopplatform vir werk – in Afrikaans!

Klik op pos
vir meer info



Administrasie

Administratiewe Assistent vir 'n Makelaar - Manage All | Pretoria | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Vakature: Ervare Persoonlike Assistent - RDC Gauteng | Hennospark, Centurion | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Medical Facility Receptionist and Administrator - Zwavelstream Clinic | Zwavelpoort | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Span Assistent - Engel & Völkers Pretoria | Pretoria | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Publisher / Admin - Asbestikum | Pretoria | Sluitingsdatum: 02/11/2026

Ontvangs dame / Administratiewe Beampte - 3 Midstream Kleuterskole | Midstream Estate, Olifantsfontein | Sluitingsdatum: 03/11/2026

Au Pair

Kinder-Assistent / Aupair - Yolanda Louwrens | Pebble Rock Golf Village | Sluitingsdatum: 01/11/2026

Ambag

Diesel Meganikus - Saldanha Ship Yards (Pty) Ltd | Saldanha | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Technical Battery Specialist - Duractec Batteries Wierdapark | Wierdapark, Centurion | Sluitingsdatum: 31/10/2026

HVAC / Precision cooling Technician (Field service technician) - Y-Labour(Pty)Ltd | Boksburg | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Junior Drukoperateur - Epic Distribution Randburg | Randburg | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Lifeline Installer - Alva Group | Midrand | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Elektriese tegnikus - Imagine trailvans | Waltloo, Pretoria | Sluitingsdatum: 01/11/2026

Bestuursposte

Engineering Manager - Medium Voltage - Technoserve Medium Voltage (Pty) Ltd | Durbanville, Cape Town | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Praktykbestuurder (Intercare Walmer) - Intercare Group | Walmer, Gqeberha | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Estate Maintenance and Grounds Supervisor - JM VENTER PROPERTY SERVICES CC | Rooihuiskraal North, Centurion | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Head of Department: Outsourced Accounting - HR-Simplified | Benoni | Sluitingsdatum: 06/11/2026

Drywer

PDP Truck Driver - Wow Scales | Bloemfontein | Sluitingsdatum: 05/11/2026

Finansies

Account Manager - Bubesi Solutions (Pty) Ltd | Menlyn Park, Pretoria | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Finansie- en rekeningkundige personeel - Aristata Boekwinkels | Hatfield, Pretoria | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Chartered Accountant - Intelto (Pty) Ltd | Waterkloof, Pretoria | Sluitingsdatum: 31/10/2026

SAIPA klerk - BR Rekenmeesters | Montana, Pretoria | Sluitingsdatum: 01/11/2026

Grafies

Midweight Multimedia Graphic Designer - Grindstone Advertising | Mossel Bay | Sluitingsdatum: 31/10/2026

IT

Monitoring Consultant - SABTEC | Lyttelton Manor, Centurion | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Data Analis (IT Bestuur) - OBARO Careers | Pretoria | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Junior IT- Technician - Aventa Technologies | Benoni | Sluitingsdatum: 01/11/2026

Sagtewareontwikkelaar - Norion | Mossel Bay | Sluitingsdatum: 01/11/2026

Ingenieurs

Mining Engineer - Chrome Mine Opencast Mining & Commissioning- AISP Consulting Engineers NW Pty Ltd | Centurion | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Siviele Ingenieur - AISP Consulting Engineers NW Pty Ltd | Centurion | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Internskappe

Coffee Shop Operations Internship - African Alliance | Illovo, Sandton (Eswatini) | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Internskap - Route Management (SA TRUCK BODIES) | Bloemfontein | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Apprenticeship Paint Protection Film Technician - Custom Protection Products cc | Centurion | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Intern: Strategie en Projekte - Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies (Aros) | Montana Park, Pretoria | Sluitingsdatum: 02/11/2026

Kommunikasie & Bemaking

Marketing Assistant/Assistant to the National General Manager - Digiloigix | Johannesburg | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Junior Brand Strategist - HR-Simplified | Cape Town | Sluitingsdatum: 06/11/2026

Konstruksie

Junior QS / Estimator - WRC Projects | Florida, Roodepoort | Sluitingsdatum: 06/11/2026

Kleinhandel/Winkelpersoneel

Assistent Winkel bestuurder - Juniper and Jasmine | Brooklyn, Pretoria | Sluitingsdatum: 02/11/2026

Kassier (Cashier) - Build it | Pretoria | Sluitingsdatum: 06/11/2026

Litigasie Sekretaresse

Junior Litigasie-sekretaresse (Litigation secretary) - Van De Venter Mojapelo Ing | Randburg | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Logistiek

Pakhuis operateur - Snout and Swagger | Parow Industrial, Cape Town | Sluitingsdatum: 31/10/2026

OPERATIONS CONTROLLER - CROSS-BORDER ROAD FREIGHT- Phoenix Transport Solutions | Centurion | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Warehouse supervisor - AWESOME DISTRIBUTORS | Randfontein | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Menslike Hulpbronne Bestuur

Human Resource & Compliance Officer - Nursetec | Erasmuskloof, Pretoria | Sluitingsdatum: 31/10/2026

HR Assistant - Mobile Therapy T/A MJ Labs | Silverton, Pretoria | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Onderwys

Onderwyser: EBW (GR. 8-9) EN REKENINGKUNDE (GR. 10-12) - Hoërskool Witteberg | Bethlehem | Sluitingsdatum: 02/11/2026

Pre School Teacher For 3-4 Year Old Class - Sinbad Preschool | Germiston | Sluitingsdatum: 02/11/2026

MEDIA- EN ONDERWYSONDERSTEUNINGSBEAMPTTE - 3 Midstream Kleuterskole | Midstream Estate, Olifantsfontein | Sluitingsdatum: 03/11/2026

PERSEPTUELE ONDERWYSERES - 3 Midstream Kleuterskole | Midstream Estate, Olifantsfontein | Sluitingsdatum: 03/11/2026

Onderwyser - Hoërskool Barberton | Barberton | Sluitingsdatum: 06/11/2026

Regslui

Candidate Attorney/Paralegal - Keyrole Recruitment | Garsfontein, Pretoria | Sluitingsdatum: 02/11/2026

Tuisversorger

TUISVERSORGER - MET BAIE LIEFDE TUISTE | Pretoria | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Verpleeg

CLINICAL 2IC TO THE MATRON - PSYCHIATRIC CLINIC - Zwavelstream Clinic | Zwavelpoort | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Verkope

Koerier Verkoopvertegenwoordiger - RAM Drop & Go Centre | Cape Town | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Deeltyds verkoopspersoon, Zwartkop, Centurion- Ericssons Mattress and Pine | Centurion | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Nuwevoertuigverkoopspersoon - BB Sinoville Nissan | Pretoria North | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Sales - ISOFOAM SA PTY LTD | Centurion | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Guarding Sales Consultant - Emporium. Human Capital | Randburg | Sluitingsdatum: 31/10/2026

Werkgewers kan
GRATIS hul poste
adverteer by
www.solidariteit.co.za



www.solidariteit.co.za



SA Dowe Rugbyspan gereed vir Wêreldkampioenskap in Japan

Die Suid-Afrikaanse Dowe Rugbyspan is gereed om die groen-en-goud in Japan te verteenwoordig wanneer die Dowe Rugbysewes-wêreldkampioenskap vir die derde keer van 31 Oktober tot 3 November in Tokio, Japan, plaasvind.

Diespanhet Maandagmiddag hul amptelike oorhandiging- en afskeidseremonie in die presidentslosie op Loftus Versfeld in Pretoria gehou, waar die 12 spelers hul pette en trui vir die opkomende toernooi ontvang het.

Dit sal Suid-Afrika se tweede deelname aan die kampioenskap wees. Tydens hul vorige deelname in 2023 in Argentinië het die span 'n vierde plek behaal.

Suid-Afrika sal in Groep A teen Fidji, Nieu-Seeland, Wallis, Samoa en die Barbarians te staan kom, terwyl Australië, Japan, Engeland, Hong Kong China en Italië in Groep B sake sal uitspook.

Die kaptein, Marnus Dercksen, het tydens die seremonie sy dankbaarheid uitgespreek teenoor almal wat die geleentheid moontlik maak.

“Namens die span wil ons net vir almal dankie sê. Dit was 'n ongelooflike reis, maar sonder julle ondersteuning sou dit nie vir my en my span moontlik gewees het om ons beste te lewer nie. Ons sal julle trots maak,” het Dercksen gesê.

Met hul oë op Japan gevestig, hoop die Suid-Afrikaanse span om op hul vorige vertoning te verbeter en die land met trots op die internasionale verhoog te verteenwoordig.

Groepfasebepalings (Suid-Afrikaanse tyd):

Dag 1 – 31 Oktober

04:50 teen Fidji

09:45 teen Nieu-Seeland

Dag 2 – 2 November

04:15 teen Barbarians

06:22 teen Samoa

08:51 teen Wallis

'n Geskenk vir jou

GESONDHEID

Verhoog longvolume

Verminder asemnood

Help om hardnekkige slym te verwyder

www.aloramed.co.za | info@aloramed.co.za

RespiPEP is 'n SAHPRA-gelisensieerde Klas A mediese toestel wat deur Alora Medical (Edms) Bpk vervaardig en versprei word. RespiPEP is nie bedoel om enige siekte te diagnoseer, te behandel, te genees of te voorkom nie, en vervang nie professionele mediese advies nie. Gebruik slegs soos aangedui en raadpleeg 'n gesondheidswerker voor gebruik.

Dakar verskuif weens streekskonflik

Die 2027-weergawe van die Dakar-tydren sal nie soos beplan in Saoedi-Arabië plaasvind nie, weens die jongste veiligheidskwessies in die streek. Die organiseerders, die Amaury Sport Organisation en Saudi Motorsport Company, het bevestig dat die tydren, wat vir Januarie beplan word, na 'n ander land sal skuif. Die nuwe gasheerland sal na verwagting binnekort aangekondig word.

Saoedi-Arabië bied die Dakar-tydren al sedert 2020 aan, maar die voortslepende konflik in die Midde-Ooste en aanvalle in die streek het die organiseerders genoop om hul planne te verander. Marokko en Spanje word volgens berigte as moontlike alternatiewe oorweeg. Indien die tydren na Marokko verskuif word, sal dit die eerste keer sedert 2007 wees dat die byeenkoms weer in Afrika plaasvind.

Die organiseerders het aanvanklik gehoop om die 2027-tydren in die noorde van Saoedi-Arabië te hou, maar die veiligheidssituasie het dié planne onuitvoerbaar gemaak.

Die Dakar-tydren sal na verwagting in 2028 na Saoedi-Arabië terugkeer om die 50ste byeenkoms te vier.

Dié besluit volg op die kansellering en verskuiwings van verskeie ander sportbyeenkomste vanjaar in die Midde-Ooste weens geopolitieke konflik. Die Formule Een-wedrenne in Saoedi-Arabië en Bahrein is gekanselleer, terwyl die laaste rondte van die Wêreldtydrenkampioenskap in Saoedi-Arabië ook geskrap is. 'n Tennistoernooi met topspelers soos Novak Djokovic en Carlos Alcaraz is boonop tot later in Desember uitgestel. Die WTA-eindtoernooi, wat in Riad sou plaasvind, is na Indian Wells in Kalifornië verskuif.





SONDAG, 1 NOV:
KINDERS en PENSIOENARISSE
KRY 50% AFSLAG!

The Total 90s Party

012 880 2727 | BARNYARDTHEATRE.CO.ZA

BARNYARD



THEATRE
MENLYN

Kwagga nie 'n hings nie, hy's nou 'n Bull

Die Vodacom Bulls het die dienste van die Springbokflank Kwagga Smith vir die volgende drie jaar bekom. Die 33-jarige tweemalige Wêreldbekerwenner keer ná agt jaar in Japan terug na Suid-Afrika en sal weer onder die leiding van Johan Ackermann speel, wat hom voorheen by die Leeus afgerig het.

Smith was deel van die Springbokgroepe wat die Rugbywêreldbeker in 2019 en 2023 gewen het en het reeds meer as 60 toetse vir Suid-Afrika gespeel. Sy prestasies sluit ook 'n goue medalje saam met die Blitsbokke by die 2014 Statebondspele, 'n Olimpiese bronsmedalje in 2016, die Britse en Ierse Leeus-reekssege in 2021 en Rugbykampioenskapstitels in 2019, 2024 en 2025 in.

Hy het in 2018 na Japan verhuis, waar hy vir Yamaha Júbilo, tans bekend as die Shizuoka

Blue Revs, uitgedraf het. Smith het egter in Mei 2026 'n ernstige kniebesering opgedoen toe hy sy kruisligament en meniskus geskeur het. Hy het sedertdien sodanig herstel dat hy aan die einde van Desember weer sal kan speel.

Smith sê sy besering herstel goed en dat hy daarna uitsien om vroeg volgende jaar weer op die veld te wees. Hy beskryf sy vorige ervaring onder Ackermann as een van die beste in sy loopbaan.

Ackermann en die Bulls se uitvoerende hoof, Edgar Rathbone, glo Smith se ervaring, fisieke spel en wenmentaliteit sal 'n waardevolle bydrae tot die span lewer. Hy sal by talentvolle groep losvoorspelers aansluit wat tans Loftus Versfeld hul tuiste noem.



Bokvroue vier groot oomblik ondanks nederlaag

Die Springbokvrouespan het rede gehad om fees te vier nadat Suid-Afrika tot die negende plek op Wêreldrugby se internasionale ranglys opgeskuif het, wat die span se hoogste posisie tot nóg toe is. Dit volg op 'n uitstekende 2026-seisoen waarin hulle agt van hul 12 toetswedstryde gewen het, met nog een toets teen Ierland wat voorlê.

Hoewel geen Springbokvroue vir Wêreldrugby se vrouetoekennings benoem is nie, was Alichia Arries se drie in die 79ste minuut teen Ierland verlede naweek by die Athlone-stadion vir haar 'n besonderse hoogtepunt. Die 24-jarige vleuel het 'n skop deur Mary Zulu opgevolg en voor haar vierjarige dogter, Tatum, en die res van haar familie 'n drie gedruk.

Arries, wat haar sesde drie in haar 13de toets gedruk het, sê dit was 'n onvergeetlike oomblik, veral omdat dit die eerste keer was dat sy voor haar dogter vir die nasionale span gespeel het. Sy het ook die ondersteuning van die skare by Athlone geloof en gesê dit motiveer die span om môre 'n beter vertoning te lewer.

Suid-Afrika het verlede naweek met 40-27 teen Ierland vasgeval. Dit was die eerste keer sedert die Wêreldbeker in 2006 wat dié twee lande teen mekaar kragte gemeet het. Swak balhantering, verbroude duikslae en Ierland se goeie skopspel het die tuisspan onder druk geplaas.

Die Bokvroue se laaste wedstryd vir die jaar skop môre om 15:00 weer by die Athlonestadion af.



Jou gunsteling immuunversterker, IMMUNADUE
Nou SLEGS R119.99 by Dis-Chem



Talle nuwe gesigte by Bokgroep

Die Springbokafrigter Rassie Erasmus het ses spelers sonder toetservaring in 'n groep van 37 spelers vir die tweede been van die Nasiesbekertoernooi in November ingesluit.

Yaqeen Ahmed, Sebastian de Klerk, Luan Giliomee, Markus Muller, Riley Norton en Emmanuel Tshituka is in Erasmus se groep ingesluit. Hoewel hulle nog nie vir die Bokke uitgedraf het nie, het al ses reeds ervaring binne die nasionale rugbystrukture opgedoen.

Ahmed, Giliomee, Muller en Tshituka het Suid-Afrika A teen Zimbabwe verteenwoordig, terwyl Norton, 'n voormalige Junior Springbokkaptein, vroeër vanjaar teen die Barbarians uitgedraf het. De Klerk het boonop verlede seisoen die nasionale belyningskamp bygewoon.

Erasmus sê dié spelers verdien hul plekke ná konsekwente vertonings vir hul onderskeie franchises oor die afgelope twee seisoene. Hy beklemtoon dat die ontwikkeling van diepte in die groep 'n prioriteit is, hoewel internasionale rugby 'n groter uitdaging sal bied.

Die Bokke sal egter sonder vier ervare spelers moet klaarkom. Cheslin Kolbe, Eben Etzebeth, André Esterhuizen en Handré Pollard is weens beserings nie vir die toer beskikbaar nie.

Suid-Afrika is tans bo aan die suidelike halfrond se punteleer met 15 ligapunte en 'n beter punteverskil, gevolg deur Nieu-Seeland met dieselfde hoeveelheid ligapunte.

Die Springbokke se oorblywende kragmetings is op 7 November teen Italië, op 13 November teen Frankryk en op 21 November teen Ierland. Die eindstryde van hierdie toernooi sal van 27 tot 29 November in Londen plaasvind.

Erasmus verwag moeilike uitdagings teen al drie teenstanders. Hy waarsku dat Italië, ondanks hul wêreldranglysisposisie, nie onderskat mag word nie, terwyl Frankryk en Ierland ook sterk teenstand sal bied.

Die Springbokke sal komende Sondag en Maandag in groepe in Italië bymekaarkom om met hul voorbereidings vir die laaste deel van die seisoen te begin.

SPRINGBOK GROEP VIR TWEDE BEEN VAN DIE NASIESBEKER:



Voorspelers

Thomas du Toit, Ox Nche, Wilco Louw, Ntuthuko Mchunu, Zachary Porthen, Gerhard Steenekamp, Malcolm Marx, Jan-Hendrik Wessels, Lood de Jager, Salmaan Moerat, Ruan Nortje, Riley Norton, Franco Mostert, Paul de Villiers, Siya Kolisi, Cameron Hanekom, Emmanuel Tshituka, Jasper Wiese, Pieter-Steph du Toit, Marco van Staden.



Agterspelers

Cobus Reinach, Morne van den Berg, Grant Williams, Yaqeen Ahmed, Sacha Feinberg-Mngomezulu, Luan Giliomee, Manie Libbok, Damian de Allende, Jesse Kriel, Markus Muller, Canan Moodie, Sebastian de Klerk, Aphelele Fassi, Ethan Hooker, Edwill van der Merwe, Kurt-Lee Arendse en Damian Willemse.

KRONE 2027
Cruise

29 JAN. TOT 1 FEB. 2027

OP DIE MSC ARMONIA

DURBAN > PORTUGESE EILAND

BESPREEK NOU BY
WWW.MSCCRUISES.CO.ZA

LEAH | ZAAAN SONNEKUS | TASCHÉ | BOBBY VAN JAARSVELD | KURT DARREN | LIEZEL PIETERS | REFENTSE | AMPIE | ARIANA VENUS | ELOFF

Drie SA-spanne in VRK-kollig

Die Vodacom Bulls, Hollywoodbets Sharks en DHL Stormers het verlede naweek in die vierde rondte van die Vodacom Verenigde Rugbykampioenskap (VRK) hard gewerk om bonuspunt-oorwinnings te behaal en hul plekke onder die topvyf op die punteleer te behou.

Die Sharks het Vrydagaand vir Cardiff met 36-21 in Wallis geklop. Die besoekers was vinnig uit die blokke om 'n belangrike bonuspuntoorwinning te verseker. Ethan Hooker, Matt Romao en Jason Jenkins het elk 'n drie gedruk om hulle span teen rustyd met 17-7 te laat voorloop. Cardiff het ná rustyd teruggeveg en twee drieë binne 13 minute gedruk om die voortou te neem. Die Durbaniete het egter in die laaste gedeelte van die wedstryd teruggeslaan, met Thomas du Toit, Ethan Bester en Romao wat agter die doellyn gaan kuier het om die wedstryd te beklink.

Die 10bet Leeus kon egter nie dieselfde sukses behaal nie en het Vrydagaand met 31-10 teen die onoorwonne Edinburgh in 'n reënerige Skotland vasgeval.

Edinburgh het teen rustyd 'n skrale voorsprong van twee punte gehad, maar in die tweede helfte die wedstryd heeltemal oorheers. Die tuisspan het vier drieë ná rustyd gedruk, terwyl Batho Hlekani die Lions se enigste drie gedruk het.

Saterdagmiddag het die Bulls vir Ulster met 34-26 op Loftus Versfeld geklop. Die Bulls het met 'n voorsprong van 21-7 teen rustyd gelyk of hulle op pad was na 'n gemaklike oorwinning, maar Ulster het in die tweede helfte hard teruggeveg.

Marcell Coetzee het twee drieë gedruk, terwyl Elrigh Louw ook agter die doellyn gaan kuier het. Johan Grobbelaar se drie het die Bulls se bonuspunt verseker, maar Ulster het ingeklim en hul agterstand na 31-26 verklein. 'n Strafskop deur Curwin Bosch net voor die eindfluitjie het uiteindelik die Bulls se oorwinning beklink.

Intussen het Coetzee hierdie week voor 'n dissiplinêre komitee verskyn vir sy geelkaart wat hy in die 45ste minuut ontvang vir vuilspel teen Ben Donnell. Die 35-jarige kaptein van die Ligbloues is daarvan aangekla dat hy reëls oortree het wat gevaarlike spel by 'n losgemaak verbied, insluitend kontak bo 'n



teenstander se skouerlyn. Hy is van hierdie klag vrygespreek.

Die Stormers het later die middag ook 'n tuisoorwinning behaal deur Scarlets met 52-40 te klop ná 'n dramatiese wedstryd waarin twee laat drieë die deurslag gegee het.

Die Stormers het teen rustyd 'n voorsprong van 33-14 gehad, maar moes diep delf om die Scarlets uiteindelik te klop. Die Walliese span het in die tweede helfte vier drieë binne net meer as 20 minute gedruk om die telling op 40 elk te staan te bring.

Die Junior Springboklosskakel Yaqeen Ahmed het egter in die laaste tien minute twee keer gaan druk om die Stormers se derde oorwinning in vier wedstryde te verseker. Die Kapenaars het uiteindelik agt drieë teenoor die Scarlets se ses gedruk om die bonuspuntsege te beklink.

Ná die vierde rondte bekleed Edinburgh die eerste plek op die punteleer met 19 punte, gevolg deur Glasgow met 18. Die Bulls is derde met 16 punte en die Stormers in die vierde plek met dieselfde aantal punte. Die Sharks is vyfde met 15 punte, terwyl die Lions tans in 11de plek lê met nege punte.

Intussen sal die Springbokhaker Bongi Mbonambi na verwagting môre vir die DHL Stormers teen Ulster in die Kaapstadstadion uitdraf nadat hy 'n eenjaarkontrak met die Kaapse span

onderteken het.

Die 35-jarige Mbonambi het tussen 2015 en 2021 altesaam 74 wedstryde vir die Stormers gespeel voordat hy hom by die Sharks aangesluit het. Die Sharks het vandeeweek bevestig dat alle betrokke partye ooreengekom het om sy kontrak met onmiddellike ingang te beëindig.

Mbonambi was betrokke by 'n dissiplinêre geskil met die Durbanse span oor 'n beweerde oortreding van spanreëls. Hy is nou onmiddellik beskikbaar vir keuring en bied 'n welkome hupstoot aan die Stormers, wat tans met 'n tekort aan hakkers sukkel.

Rondte 5-VRK-bepalings:

Vrydag 30 Oktober

21:45 Connacht vs. Leinster

21:45 Glasgow Warriors vs. 10bet Lions

Saterdag 31 Oktober

14:45 DHL Stormers vs. Ulster

17:00 Vodacom Bulls vs. Llanelli Scarlets

17:00 Benetton Rugby vs. Edinburgh

19:30 Munster vs. Hollywoodbets Sharks

19:30 Dragons vs. Zebre

21:45 Ospreys vs. Cardiff Rugby